

## HOOFSTUK 2: DIE GLOBALE OMVANG VAN DIE ONWETTIGE VREEMDELINGPROBLEEM

In hierdie hoofstuk, word die vraagstuk van onwettige vreemdelinge in geselekteerde state binne bepaalde streke, as gevallestudies bespreek. Die meeste onwettige migrasie vind vanaf ontwikkelende state plaas, maar dit is ook in streke met beide ontwikkelende en onderontwikkelde state en ekonomieë, waar die meeste intra-regionale migrasie plaasvind. In al die streke wat in die hoofstuk bespreek word naamlik Asië, die Amerikas, die Midde-Ooste, Wes-Europa en suidelike Afrika, is 'n toename in die getalle onwettige vreemdelinge merkbaar. Die state en streke wat in die hoofstuk bespreek word, is gekies omdat hulle oor die afgelope aantal jare 'n toenemende probleem rakende onwettige vreemdelinge ondervind. In die geval van streke word spesifieke state as voorbeelde genoem om tendense en implikasies te verduidelik. Eerstens word die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in elk van die geselekteerde state bespreek, met ander woorde is onwettige vreemdelinge werklik 'n probleem in die geselekteerde state, en wat is die omvang daarvan.

Tweedens word die implikasies wat onwettige vreemdelinge vir die onderskeie state op politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine inhou, bespreek. Derdens word die bestaande en beplande maatreëls gerig op die beheer van onwettige vreemdelinge, bespreek. Daar word ook gekyk na die sukses wat bereik is deur die implementering van hierdie maatreëls.

### 1. Die Amerikas

Die onwettige vreemdelingprobleem in Noord- en Suid-Amerika verskil van dié in ander state en streke omdat die omvang van die probleem in Noord-Amerika veel groter is as in enige van die ander state in dié hoofstuk bespreek. Nie net die omvang daarvan is groter nie, maar ook die implikasies daarvan op vele terreine van die Amerikaanse samelewing. Die verskynsel van onwettige vreemdelinge in Suid-Amerikaanse state is ook relevant en word gevolglik bespreek.

## 1.1. Die Verenigde State van Amerika (VSA)

Onwettige migrasie is 'n relatief nuwe verskynsel in die meeste Westerse demokrasieë. Die VSA is egter al vir baie dekades die bestemming van onwettige vreemdelinge (uit veral Mexiko) op soek na werkgeleenthede en hoër lewenstandaarde. Gedurende die afgelope paar jaar het die getal onwettige vreemdelinge wat na die VSA migreer het, in so 'n mate toegeneem dat beide die regering en die burgers van die VSA meer negatiewe en minder verdraagsame houdings teenoor hierdie individue begin koester het.

### 1.1.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in die VSA

Die bevolking van die VSA bestaan uit 'n mengelmoes van verskillende rasse en bevolkingsgroepe, en word dikwels as die staat van immigrante beskryf. Tog sien 'n groot gedeelte van die bevolking van die VSA immigrasie as 'n bedreiging vir bestaande kultuur, werkgeleenthede en in sommige gevalle selfs nasionale veiligheid.

Gedurende 1791 het Alexander Hamilton die Amerikaanse Kongres gewaarsku dat die VSA groot getalle immigrante moet toelaat as dit wil ontwikkel tot een van die sterkste industriële magte in die wêreld. Bogenoemde "werwing" van burgers van ander state het voortgeduur tot in die 19de eeu, en is veral in Europa aangewakker deur reklame veldtogte. Die VSA se immigrasiebeleid is so geformuleer dat dit die vloei van immigrante sou maksimaliseer en tot en met 1875 het geen beperkings van enige aard in immigrasiewetgewing bestaan nie. Die eerste omvattende federale immigrasiewet, wat in 1864 aanvaar is, was 'n wet wat immigrasie bevorder en aangemoedig het sodat die Amerikaanse industrieë 'n genoegsame getal werkers kon hê en die produksiebehoefte van die burgeroorlog gevul kon word.<sup>(1.)</sup>

Gedurende die post-Tweede Wêreld Oorlogperiode het 'n verskuiwing vanaf Europese immigrante na Mexikaanse immigrante as 'n bron van arbeid plaasgevind. Mexikaanse immigrante het as bron van goedkoop arbeid gedien en die ideale geografiese ligging van Mexiko het dit vir die Amerikaanse Regering moontlik gemaak om die vloei van immigrante maklik te reguleer.<sup>(2.)</sup>

Vanaf 1820 tot 1920 het meer as 35 miljoen immigrante in die VSA gearriveer, meestal van Europese state maar ook van Sjina en veral Mexiko. Kwotabeperkings wat gedurende die 1920's toegepas is, het die invloei van immigrante tydelik vertraag, maar getalle onwettige vreemdelinge, uit veral die suidelike halfrond, het drasties toegeneem.<sup>(3.)</sup>

Gedurende 1965 is rasse en etniese grondslae as vereiste vir toelating van immigrante in wetgewing laat vaar. Hierdie verandering in wetgewing het die klem wat die Amerikaners gedurende daardie tydperk op siviele regte en die buitelandse beleidsdoelwit van beter verhoudings met Asiatiese state geplaas het, verteenwoordig. Hierdie verandering in wetgewing het egter nie voorsiening gemaak vir die gevolge van migrasiepatrone wat veral gedurende die 1970's verander het nie. Een van die belangrikste gevolge was 'n drastiese toename in die getalle van nuwe immigrante. Gedurende 1970 en 1979 het 4,3 miljoen nuwe immigrante in die VSA gearriveer. Bogenoemde probleem het gedurende die volgende dekade toegeneem, en teen die einde van 1989 het meer as 6,3 miljoen immigrante die reg tot wettige, permanente verblyf gekry. Hierdie getal sluit 66 000 onwettige vreemdelinge gedurende 1988 en 492 000 gedurende 1989 in, wat gewettig is volgens die bepalinge van die *1986 Immigration Reform and Control Act*.<sup>(4.)</sup>

Die getal van 6,3 miljoen kan nog vermeerder word met 100 000 tot 300 000 om voorsiening te maak vir die getal onwettige vreemdelinge wat die VSA jaarliks binnekom. As dus aangeneem word dat die meeste gewettigde vreemdelinge (vreemdelinge gewettig volgens die bepalinge van die *Immigration Reform and Control Act of 1986*) die VSA gedurende die 1980's binne gegaan het, word die totale aantal immigrante wat die VSA gedurende die 1980's binne gegaan het op tussen 6,7 miljoen en 8,7 miljoen geskat.<sup>(5.)</sup>

In 1992, was die permanente onwettige vreemdelingbevolking volgens die VSA se Immigrasiediens ongeveer vier miljoen en het die getal jaarliks met ongeveer 300 000, toegeneem. Gedurende 1994, het die Immigration and Naturalization Service (INS) beraam dat meer as twee miljoen onwettige vreemdelinge die VSA jaarliks binnegekom het. Gedurende Februarie 1997, het die INS nuwe beramings van die getalle onwettige vreemdelinge in die VSA, bekend gemaak. Volgens die INS se beramings was daar teen Oktober 1996, ten minste vyf miljoen onwettige vreemdelinge (bykans 1,9 persent van

die totale bevolking). Hiervan was 54 persent van die onwettige vreemdelinge vanaf Mexiko afkomstig, sewe persent vanaf El Salvador en drie persent vanaf Guatamala.<sup>(6.)</sup> Ongeveer 2,1 miljoen van dié individue (41 persent van die totaal) gaan die VSA wettig binne as studente of toeriste, maar bly dan onwettig aan nadat die toegelate periode op hulle visums verval het. Geen beskikbare data kan vir 1997 gekry word nie, maar volgens die INS neem die getal onwettige vreemdeling jaarliks met ongeveer 275 000 individue toe.<sup>(7.)</sup>

Mexikaanse onwettige vreemdelinge was nog altyd 'n baie groot probleem vir die VSA en vorm die grootste gedeelte van onwettige vreemdelinge wat daarin slaag om die VSA jaarliks binne te gaan. In 'n poging om die probleem te probeer oplos, het die VSA en Mexiko in 1964 die *Bracero Program* vir tydelike landbouwerkers opgehef. Hierdie bron van goedkoop arbeid was egter te goed gevestig in die suidweste van Amerika. Die gevolg was dat die getalle onwettige vreemdelinge nie verminder het nie, maar toenemend vermeerder het, hoofsaaklik as gevolg van die geweldige bevolkingsgroei in Mexiko. Die eindresultaat was dat daar altyd 'n surplus Mexikaanse werkers was wat teen lae tariewe deur die Amerikaanse burgers gehuur kon word. Die vermeerdering in getalle het 'n nasionale debat laat ontstaan of die Amerikaanse Regering die bestaande immigrasiebeleid moes verander. Al het die Amerikaanse ekonomie gedurende veral die 1980's stabiele groei getoon, het twyfel ontstaan of die VSA werklik die druk van soveel migrante (wettig en onwettig) sou kon dra. Die feit dat die grootste aantal van hierdie migrante nie geskoold was nie, het die Amerikaanse Regering oortuig dat die migrante nie kon bydra tot die nasionale ontwikkeling van die staat nie.<sup>(8.)</sup> Teen dié agtergrond is die *Immigration Reform and Control Act* (IRCA) in 1986 en die *Immigration and Nationality Act* van 1990 aanvaar.<sup>(9.)</sup>

### 1.1.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

As die omvang van die getal onwettige vreemdelinge wat die VSA per jaar binnegaan in gedagte gehou word kan begryp word dat so 'n groot aantal individue wel 'n invloed kan hê op die VSA se infrastrukture, byvoorbeeld die ekonomie en gesondheidsdienste. In die volgende gedeelte word 'n aanduiding gegee van die mate waartoe onwettige vreemdelinge die VSA op maatskaplike, politieke en ekonomiese terreine, hetsy positief of negatief, beïnvloed het.

### 1.1.2.1 *Maatskaplike implikasies*

Primêre en sekondêre skoolopleiding aan onwettige vreemdelinge ontnem nie net die Amerikaanse Regering nie, maar ook die Amerikaanse belastingbetaler, van groot somme geld. 'n Lang debat rakende bogenoemde kwessie het 'n finale punt bereik met 'n uitspraak van regter Doe van Plyler in 1982, in die Amerikaanse Hooggeregshof. Die uitspraak het die weiering van onwettige vreemdelinge om na enige skool te gaan vir skoolopleiding, verbied. Die beraamde getal onwettige vreemdelinge in Amerika sedert die 1986 amnestie wette is drie tot vyf miljoen individue. Verdere opnames toon dat 14 persent (560 000 tot 700 000) van daardie getal, van skoolgaande ouderdom is. As bogenoemde syfers verder verwerk word, het dit die Amerikaanse publiek teen 1991 reeds, tussen \$2,7 biljoen en \$3,4 biljoen gekos om onwettige vreemdelinge in hulle openbare skole toe te laat.<sup>(10.)</sup>

Skoolopleiding is egter nie die enigste probleemgebied nie. Veral in Kalifornië ondervind mediese administrateurs en amptenare 'n groot probleem met onwettige vreemdelinge. Mexikane wat oor die grens na Amerika kom en vals dokumente as bewys indien vir gesubsidieerde mediese bystand, kwalifiseer outomaties vir Medicaid. Gedurende 1989, het Medicaid dekking aan onwettige vreemdelinge die staat van Kalifornië \$300 miljoen gekos.<sup>(11.)</sup>

As die swak ekonomiese omstandighede van onwettige vreemdelinge oor die algemeen in ag geneem word, is dit vir sulke individue onmoontlik om deur belasting te betaal, te vergoed vir al die dienste wat sonder enige koste aan hulle voorsien word. 'n Individue se vermoë om belasting te betaal hang af van sy/haar vermoë om min of baie geld te verdien. Onwettige vreemdelinge is gekonsentreer in lae-inkomste onstabiele beroepe. Volgens beramings beslaan die aantal onwettige vreemdelinge wat jaarliks onwettig na die VSA migreer of onwettig aanbly, meer as 300 000 nuwe individue. Van dié getal is 'n groot aantal Mexikaans, ongeskoold en min is Engels magtig. Dit maak die moontlikhede vir stabiele, goedbetaalde werk onmoontlik. In vele gevalle is die situasie 'n suksesvolle formule vir absolute armoede.<sup>(12.)</sup>

### 1.1.2.2 *Ekonomiese implikasies*

Aangesien 'n grootskaalse vermindering in die getalle onwettige vreemdelinge in die VSA nie binne die volgende paar jaar as 'n realiteit gesien kan word nie, is dit nodig om die implikasies van hul teenwoordigheid vir die Amerikaanse arbeidsmark te ondersoek.

Twee groepe individue gaan veral tot 'n mate geaffekteer word deur die toenemende getalle onwettige vreemdelinge, naamlik wettige immigrante en die burgers van die VSA, wat binne die VSA werksaam is. Navorsing toon dat as gevolg van die onbeperkte groei van getalle onwettige vreemdelinge na die VSA, die moontlikheid bestaan dat 'n versteuring in die balans van die Amerikaanse arbeidsmark en in sommige groot stede, veroorsaak kan word. Die gevolg van die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge is dikwels verlaagde loonvlakke, veral in die omgewing van grense. Onwettige vreemdelinge is dikwels bereid om vir minimum lone of selfs minder te werk en omdat hulle permanent in vrees lewe dat immigrasiebeamptes hulle sal ontdek, word dié individue dikwels deur werkgewers uitgebuit en misbruik. Ten spyte hiervan, is die kans skraal dat onwettige vreemdelinge gewetenlose werkgewers by die polisie sal aangee, omdat hulle die geld nodig het. Dit is vir werkgewers meer lonend om onwettige vreemdelinge in diens te neem omdat hulle bereid is om vir veel minder as wettige immigrante of Amerikaanse burgers te werk; hulle gewoonlik ongetroud is of familie in Mexiko het waarvan die onderhoudskoste en verwagtings baie laag is; en onwettiges se verwagting van enige byvoordele gewoonlik laag is.<sup>(13.)</sup> Simon stel oor onwettige vreemdelinge se invloed op die arbeidsmark in die VSA dit dat: "General immigration causes little or no unemployment at large, even in the first year or two; the same is true of low income Hispanic immigration even among the groups most likely to be 'displaced' by them. Illegals, especially those from Mexico, tend to have less education and less skill relative to legal immigrants. This means that they have a disproportionate negative effect on natives with low skills and education".<sup>(14.)</sup>

Bogenoemde stelling is veral van toepassing op die swart gemeenskap in die VSA omdat die hoogste konsentrasie onwettige vreemdelinge gewoonlik voorkom in daardie areas waar die grootste getal swart Amerikaners woon. Dit is duidelik dat die VSA se swart bevolking met vreemdelinge (wettig en onwettig) moet kompeteer vir 'n oneweredige

gedeelte van werkgeleenthede, behuising en maatskaplike voordele. Immigrante bring jaarliks nodige tegniese en professionele kennis met hulle saam, maar onwettige vreemdelinge se ongeskooldheid, ongeletterdheid en lae vlak van vaardighede en bekwaamheid loop dikwels parallel met dié van swart Amerikaanse burgers wat moet veg om armoede te oorkom.<sup>(15.)</sup>

Die eksploitasie van onwettige vreemdelinge deur gewetenlose Amerikaanse werkgewers vererger slegs bestaande kompetisie vir werkgeleenthede. Bloot die feit dat 'n vreemdeling homself ongedokumenteerd in enige staat bevind, maak so 'n individu geweldig kwesbaar vir uitbuiting. Die indiensneming van onwettige vreemdelinge kan verskeie voordele vir werkgewers wat sulke individue in diens neem inhou, byvoorbeeld:

- a) die betaling van minimum lone;
- b) die ontduiking van die betaling van federale of maatskaplike sekuriteitsbelasting rakende werknemers;
- c) die ontduiking van veiligheids-, gesondheids- en ander arbeidstandaarde, wat deur die wet verplig word; en
- d) groter produksie word verkry deur die indiensneming van onwettige vreemdelinge, omdat die persone bereid is om harder en langer ure te werk vir laer lone. Onwettige vreemdelinge vermy die polisie en sal nie werknemers aankla van onregverdige behandeling nie.<sup>(16.)</sup>

Onwettige vreemdelinge beïnvloed besighedsbesluite en investering. Briggs stel dit dat onwettige immigrasie nie net die arbeidsmark se groei en stabiliteit beïnvloed nie, maar ook daarop reageer. Onwettige vreemdelinge kom hoofsaaklik voor waar werkgeleenthede beskikbaar is, en in vele gevalle ontwikkel besighede en daarmee saam werkgeleenthede waar groot getalle onwettige vreemdelinge hulself bevind. Besluite deur besighede om geld te investeer en industrieë te ontwikkel in dele van die VSA waar groot getalle onwettige vreemdelinge voorkom, is hoofsaaklik gebaseer op die beskikbaarheid van goedkoop, gewillige en uitbuitbare arbeid. Bogenoemde neiging kom veral in die suide van Kalifornië en Texas voor.<sup>(17.)</sup>

### 1.1.2.3 *Politieke implikasies*

Die dramatiese toename van onwettige vreemdelinge in die VSA word deur vele Amerikaners gesien as 'n bedreiging vir die integriteit van sy regstelsel oor die algemeen. Deur die VSA se grense onwettig te betree, verbreek onwettige vreemdelinge die Amerikaanse immigrasiewetgewing. In die geval van Mexikaanse inwoners oortree die onwettige vreemdelinge nie net Amerikaanse immigrasiewette deur onwettig oor die grens te beweeg nie, maar ook Mexikaanse wette wat duidelik stel dat geen Mexikaanse burger homself buite sy/haar eie staat mag bevind sonder die nodige dokumente, insluitende 'n wettige Mexikaanse paspoort nie.<sup>(18.)</sup>

Die verbreking van die VSA se immigrasiewette deur onwettig oor die grense te beweeg, is nie die enigste bedreiging wat onwettige immigrasie vir die Amerikaanse regstelsel inhou nie. Onwettige immigrasie bevorder die verbreking van VSA wetgewing op vele ander terreine, byvoorbeeld om die land onwettig binne te kom, moet die vreemdeling bestaande Amerikaanse immigrasiewetgewing oortree. Sodra hy/sy, hom/haar in die VSA bevind, begin so 'n persoon soek na werk en om aangestel te word in 'n bepaalde pos is 'n maatskaplike sekuriteitsnommer gewoonlik nodig. Die vreemdeling gebruik in so 'n geval dikwels 'n wettige immigrant of burger s'n of vervals 'n nommer en oortree in dié proses verdere wette.<sup>(19.)</sup>

Dikwels bevind die onwettige vreemdelinge hulself in 'n bouse kringloop waarin 'n veelvoud van federale, staats en plaaslike wette verbreek word. Onwettige vreemdelinge ontwikkel deur bogenoemde proses 'n uittartende houding teenoor wette en enige vorm van gesag. Die langtermyn gevaar is dat 'n gevestigde siening tussen toekomstige en bestaande onwettige vreemdelinge kan ontwikkel dat om werklik geld in die VSA te verdien, die verbreking van wette die ideale ding is om te doen.<sup>(20.)</sup>

Die vrees dat hulle deur die owerhede ontdek sal word, dwing individue wat wetsgehoorsame burgers in hulle eie state was, om wette in die nuwe staat te oortree - alles vir 'n beter, veiliger en meer suksesvolle toekoms. Onwettige vreemdelinge neig om direk in die laagste klas van die samelewing te val. In sulke omgewings word hulle vinnig blootgestel aan wapen- en dwelmsmokkelary waar geharde kriminele die onwettige vreemdelinge se vrees vir ontdekking en desperaatheid vir geld misbruik, om hulle te



help, om veral met dwelms te handel.<sup>(21.)</sup> Dit skep net nog 'n groter probleem vir beide die Amerikaanse Regering en die Noord Amerikaanse samelewing omdat die onwettige gebruik en smokkel van dwelms reeds so 'n groot probleem is.

Die grootste aantal persone wat na die VSA immigrer doen dit op 'n wettige wyse maar soos voorheen genoem, migreer 'n aantal individue tog onwettig na die VSA of bly in die VSA aan nadat die toegelate periode op hulle verblyf- en/of werkpermitte verstryk het. As 'n openbare beleidskwessie hou onwettige immigrasie groot probleme en bekommernisse vir die Amerikaanse gemeenskap in.<sup>(22.)</sup>

### 1.1.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek

Gedurende die vroeë 1980's het die toenemende getalle onwettige immigrante in die VSA 'n nasionale debat veroorsaak. Uiteindelik moes besluit word of die Amerikaanse Regering die bestaande immigrasiebeleid moes verander. Sommiges was van mening dat bestaande federale immigrasiebeleid- en wetgewing die binnekoms van te veel onbekwame onwettige vreemdelinge aangemoedig het. Teen hierdie agtergrond het die Amerikaanse Kongres die *Immigration Reform and Control Act, van 1986* (IRCA) en *Immigration and Nationality Act* van 1990, goedgekeur.<sup>(23.)</sup>

Die *Immigration Reform and Control Act* van 1986 (IRCA) het uit ses hoofdelings bestaan wat die volgende behels:

- a) Werkgewersanksies (ingestel om te verhoed dat werkgewers werkers in diens neem sonder die nodige dokumentasie).
- b) Wettiging van onwettige vreemdelinge se aansoek om burgerskap is ingestel om dit vir onwettige vreemdelinge moontlik te maak om hulle status as burgers van die VSA te wettig met die voorwaarde dat hulle vanaf 1 Januarie 1982, permanent in die VSA aangebly het.
- c) Die spesiale landbouwerkersprogram (maak voorsiening vir landbouwerknemers wat vir meer as 90 dae in diens geneem is in die jare direk na die IRCA se

implementering, om vir permanente verblyfstatus aansoek te doen).

- d) Staatsgewettigde ondersteuningssubsidies. (Sowat \$1 biljoen per jaar vir vier jaar wat in 1988 'n aanvang geneem het om staatsregerings te vergoed vir kostes van openbare bystand, en gesondheids- en opvoedkundige dienste gelewer aan die nuwe gewettigde bevolking.)
- e) 'n Sistematiese program waarmee vreemdelinge geïdentifiseer word. (Dié program is ingestel om te kontroleer of individue wat nie as wettige burgers van die VSA beskou word nie, geskik is vir welsynvoordele.)
- f) Verskerpte toepassing van maatreëls. (Dié aspek fokus hoofsaaklik op verhoogde grenspatrollies, inspeksies en ander toepassingsaktiwiteite.)<sup>(24.)</sup>

Die Amerikaanse Regering het werkgewersanksies beskou as die hoofinstrument om die groot getalle onwettige vreemdelinge te verminder. Vir vele Amerikaners het die moontlikheid dat werkgewers se toegeeflikheid aan minderheidsgroepe (byvoorbeeld onwettige vreemdelinge) kon lei tot verhoogde diskriminasie teenoor ander minderheidsgroepe soos die swart bevolking in die VSA, kommerwekkend geword. Daar is in die IRCA voorsiening gemaak vir die beskerming van enige individu (met burgerskap-status) se regte om te verhoed dat werkgewers een minderheidsgroep bo 'n ander bevoordeel, of teen 'n bepaalde minderheidsgroep diskrimineer, in die vorm van 'n anti-diskriminasie maatreël.<sup>(25.)</sup>

Bykans drie miljoen onwettige immigrante het vir die IRCA se twee wettigingsprogramme aansoek gedoen, met 'n aanvaardingskoers van bykans 98 persent. Tog was die implementering van IRCA nie werklik effektief in die vermindering van die getal onwettige vreemdelinge nie en daar is nog minder sukses bereik met die implementering van die werkgewersanksies, hoofsaaklik omdat bogenoemde sanksies nie suksesvol toegepas is nie, en omdat diskriminasie teen sekere minderheidsgroepe, ten spyte van voorsorgmaatreëls, tog plaasgevind het. Navorsingsprogramme het getoon dat die getalle onwettige vreemdelinge wel tydens die eerste twee jaar na die implementering van die IRCA program afgeneem het, maar dat 'n toename in die getal onwettige vreemdeling weer vanaf 1989 ondervind is.<sup>(26.)</sup>

Die *Immigration and Nationality Act, van 1990* is aanvaar nadat dit duidelik geword het dat die IRCA nie die probleem van onwettige vreemdelinge suksesvol kon aanspreek nie. Beleidsformuleerders se primêre motivering met die aanvaarding van dié wet, was die feit dat die bestaande immigrasiebeleid nie die ontwikkelende behoeftes van die ekonomie of die arbeidsmag in die post-industriële periode waarin die VSA homself op daardie tydstip bevind het, kon reflekteer nie.<sup>(27.)</sup>

Die hoofdoel van die *Immigration Reform and Control Act* van 1986 en die *Immigration and Nationality Act* van 1990, was verskerpte grensbeheer en om onwettige vreemdelinge daarvan te weerhou om die VSA binne te kom. Om bestaande wetgewing meer effektief te maak, is verskeie wetsontwerpe gedurende 1996 voorgestel met die doel om die *Immigration Reform and Control Act* van 1986 (IRCA) en die *Immigration and Nationality Act* van 1990, te wysig. Op 21 March 1996 het die Huis van Verteenwoordigers 'n wetsontwerp goedgekeur (HR 2202 *Immigration in the National Interest Act*) wat meer agente vir grensbeheer beskikbaar sou stel; ander maatreëls sou instel om onwettige migrasie na die VSA te verminder; en onwettige vreemdelinge daarvan sou weerhou om maatskaplike bystand te ontvang. Gedurende Mei 1996 is 'n soortgelyke wetsontwerp deur die Senaat goedgekeur (S1664 *Immigration Control and Financial Responsibility Act*). In dié verband is dit in die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers gestel dat: "The first step in asserting our national sovereignty and controlling illegal immigration is to secure our Nation's land borders. The fundamental mission has been undermined in recent decades. The result is a crisis at the land border, allowing hundreds of thousands of illegal aliens to cross each year, and contributing more than half of the 300 000 to 400 000 annual growth in the illegal alien population."<sup>(28.)</sup>

Dié twee wetsontwerpe het drie hoofmaatreëls om onwettige immigrasie en onwettige vreemdelinge se toegang tot welsynsdienste te verminder, omsluit:

- a) die voorsiening van addisionele maatreëls vir strengere grensbeheer;
- b) programme om werkgewers in staat te stel om die werklike status van nuut aangestelde arbeiders te kontroleer; en
- c) maatreëls om die toegang van onwettige vreemdelinge tot welsynsdienste te beperk.<sup>(29.)</sup>

Aan die einde van 1996 is dié twee wetsontwerpe goedgekeur en gekonsolideer. Dit staan bekend as die *Illegal Immigration Reform and Immigrant Responsibility Act* van 1996, en is van krag vanaf 1 April 1997. Deur die nuwe wetgewing is die kanse vir sukses van 'n onwettige vreemdeling se aansoek om wettige burgerskap (na jare van onwettige verblyf in die VSA), veel kleiner as in 1996. Volgens die *Illegal Immigration Reform and Immigrant Responsibility Act*, moet onwettige vreemdelinge wat wil aansoek doen om wettige burgerskap aan die volgende vereistes voldoen:

- a) ten minste vir 'n periode van tien jaar of langer in die VSA woonagtig wees; en
- b) die uitsetting van sulke individue moet geweldige of uitsonderlike ontbering of ongerief vir die onwettige vreemdeling se eggenoot, ouer of kind inhou (wat 'n wettige inwoner of VSA burger moet wees).<sup>(30.)</sup>

Deur die nuwe wetgewing is dit vir onwettige vreemdelinge veel moeiliker om deportering en uitsetting uit die VSA te verhoed of vry te spring. Sodra bevind is dat 'n persoon se aansoek om wettige burgerskap geweier is en dat so 'n persoon 'n onwettige vreemdeling is, kan die onwettige vreemdeling òf besluit om op sy/haar eie onkoste terug te keer na sy/haar tuisstaat maar nie in die proses belet word om die VSA weer binne te kom nie, òf gedeporteer te word. In die geval van deportering word al die onkoste deur die regering betaal, maar die onwettige vreemdeling word die VSA vir die volgende tien jaar belet.<sup>(31.)</sup>

Gedurende Augustus 1997 is die laaste van vier operasies deur die Amerikaanse Regering geloods in 'n poging om grensbeheer meer effektief toe te pas. Operasie Rio Grande, sou (gedurende 1997 en 1998) in die omgewing van Brownsville, Texas geïmplementeer word. Vorige grensbeheer operasies het ingesluit Hold the Line in El Paso, Gatekeeper in San Diego en Safeguard in Arizona.<sup>(32.)</sup> 'n Addisionele maatreël om grenspatrolering te verskerp is die uitbreiding van bestaande mannekrag in grensgebiede. Aan die einde van 1998, sou 8 000 grenspatroleringsagente (dubbel die getal in 1993 en 'n 1 000 meer as in 1997) in diens van die INS wees.<sup>(33.)</sup>

Dit is duidelik dat dit die doel van onlangse wetgewing is om die beweging van onwettige vreemdelinge na die VSA meer effektief te kontroleer, deur die versterking van beide interne en eksterne beheermaatreëls.

## 1.2 Suid-Amerika

Alhoewel die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in die VSA veel groter as dié in Suid-Amerikaanse state is, is dit van belang en word vervolgens bespreek.

### 1.2.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Suid-Amerika

State in Suid-Amerika was gedurende die vroeg 1920's tot laat 1930's 'n gewilde bestemming vir veral Europese immigrante. Die verskynsel het egter gedurende die vroeë 1940's begin afneem terwyl intra-regionale immigrasie as gevolg van toenemende konflik; die drastiese groei van sekere ekonomieë in die streek; en die toenemende behoefte aan migrante arbeid in die state, toegeneem het. Die migrante arbeidstendens was veral sigbaar in Argentinië en Patagonië en vreemdelingarbeiders was veral van Paraguay en Bolivia afkomstig. Vele van die vreemdelingarbeiders het state met toeriste visums binnegegaan, maar aangebly nadat hulle toegelate verblyfperiode verstryk het. Hulle teenwoordigheid in veral Argentinië is geduld hoofsaaklik omdat hulle in 'n mate tot dié staat se ekonomiese vooruitgang bygedra het. Onwettige vreemdelinge is nie as 'n ernstige probleem gesien tot en met die laat 1960's nie.<sup>(34.)</sup>

Verskillende state in die streek se onwettige vreemdelingprobleme het op verskillende wyses en as gevolg van 'n verskeidenheid van faktore ontwikkel. Die primêre faktor blyk egter konflik te wees. Gedurende die 1980's het duisende vlugteling, maar ook onwettige vreemdelinge na Costa Rica gestroom as gevolg van konflik en gevolglike onstabiele ekonomiese omstandighede, in buurstate soos Nicaragua en El Salvador. Ongeveer 50 000 individue het om vlugtelingstatus aansoek gedoen en dit gekry, maar 'n geraamde 29 000 het nie aansoek gedoen nie en het as onwettige vreemdelinge aangebly. Teen 1993 is die getal onwettige vreemdelinge in Costa Rica op 200 000 individue uit Nicaragua, 15 000 individue uit Panama, 6 000 uit El Salvador en 2 000 uit Guatemala, geraam.<sup>(35.)</sup> Aan die begin van 1998 is die getal burgers uit Nicaragua wat as arbeiders in Costa Rica werk, op tussen 500 000 en 700 000, waarvan die helfte onwettige vreemdelinge is, geraam.<sup>(36.)</sup>

In Venezuela het die getalle onwettige vreemdelinge, veral vanaf Colombia, begin toeneem namate immigrasie vanaf Europese state begin afneem het en ekonomiese groei (hoofsaaklik olie verbandhoudend) ondervind is. Twee faktore wat veral Colombiaanse burgers aangespoor het om onwettig na Venezuela te migreer was die toenemende werkloosheid in Colombia en die sterker geldeenheid in Venezuela. Vreemdelinge het Venezuela as toeriste binnegekom en dan onwettig aangebly, of onwettig oor grense beweeg. Teen die laat 1970's is beraam dat soveel as twee miljoen onwettige vreemdelinge uit Colombia in Venezuela werksaam was, in onder andere die landbousektor, konstruksimaatskappye en die olie-industrie.<sup>(37.)</sup>

In Argentinië is die probleem van onwettige vreemdelinge net so groot. Volgens beraming is sowat 800 000 onwettige vreemdelinge in Argentinië werksaam in veral konstruksimaatskappye en in die landbousektor. Vir 'n staat met 'n werkloosheidsyfer van 16 persent, skep onwettige vreemdelinge 'n ernstige probleem. Die feit dat Argentinië, Brasilië, Uruguay, Paraguay, Chili en Bolivia verbind is tot 'n vrye handelsgebied, met 'n lang tradisie wat die vrye beweging van burgers wat binne 30 kilometer vanaf die grens woon toelaat, beteken dat die betrokke state beleidsrigtings sal moet oorweeg om die probleem van onwettige vreemdelinge aan te spreek.<sup>(38.)</sup>

Die grootskaalse interne konflik in sommige state in Suid-Amerika, byvoorbeeld Nicaragua en Guatemala het veroorsaak dat duisende burgers na ander, meer polities en ekonomies stabiele state migreer. Tans is van hulle eie burgers wat onwettig in ander state werksaam is, huiwerig om na hulle tuisstate terug te keer.

## 1.2.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

Soos in enige ander deel van die wêreld, het onwettige vreemdelinge 'n invloed op die ekonomiese, maatskaplike en politieke terreine van Suid-Amerikaanse state. Die mate waarin onwettige vreemdelinge die verskeie terreine binne spesifieke state beïnvloed, hang af van verskeie faktore soos die aantal onwettige vreemdelinge binne die bepaalde staat en die ekonomiese situasie.

### 1.2.2.1 *Maatskaplike implikasies*

Die migrasie van onwettige vreemdelinge uit veral Europese en Afrikastate na state in Suid-Amerika het gedurende die 1930's en 1940's 'n hoogtepunt bereik, maar daarna drasties verminder. Die moontlikheid van 'n kultuurbotsing as gevolg van verskillende gelowe en kulture is dus klein. Tans speel regionale migrasie 'n groot rol in die verskynsel van onwettige vreemdelinge in suidelike Amerikaanse state en omdat 'n groot persentasie van die onwettige vreemdelinge wat in bepaalde state voorkom, dikwels van nabygeleë state afkomstig is, is die verskynsel van veral dieselfde gelowe alledaags.<sup>(39.)</sup>

In 'n staat soos Costa Rica is migrante arbeid so lank al deel van die ekonomie maar ook alledaagse leefwyse, dat vreemdelinge (wettig of onwettig) nie gesien word as 'n bedreiging vir die nasionale identiteit of kultuur nie.

### 1.2.2.2 *Ekonomiese implikasies*

Soos in alle ander state weerhou onwettige vreemdelinge tot 'n meerdere of mindere mate die wettige landsburgers daarvan om werkgeleenthede ten volle te benut, en veroorsaak soms 'n verlaging van loonvlakke. Omdat die meeste state in Suid-Amerika se ekonomieë eers gedurende die laaste paar jaar positiewe groei begin toon het, is die gaping tussen ryk en arm groot, en skoolonderrig en mediese dienste swak. Om sulke dienste aan groot getalle onwettige vreemdelinge te verskaf sonder dat hulle daarvoor betaal, kan groot druk op ekonomieë plaas wat dit nie op hierdie tydstip kan bekostig nie. In 'n poging om hierdie onnodige uitgawes te verhoed, vereis die meeste skole in Mexiko 'n geboortesertifikaat of 'n paspoort en visum om sekerheid te verkry oor die werklike identiteit van 'n kind, voordat so 'n kind in enige skool toegelaat word.<sup>(40.)</sup>

State soos byvoorbeeld Guatemala, toon 'n mate van verdraagsaamheid teenoor onwettige vreemdelinge omdat hulle op hierdie stadium bydra tot die groei van die ekonomie (omdat hulle deel van die migrante arbeidsmag vorm). Hierdie verdraagsaamheid begin egter in sekere state byvoorbeeld Venezuela afneem. Met die implementering van strengere maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, raak onwettige vreemdelinge versigtig om van staatsgesubsidieerde dienste

byvoorbeeld behuising en skoolonderrig, gebruik te maak omdat hulle bang is dat hulle sodoende opgespoor sal word. Dieselfde geld vir onwettige vreemdelinge se onwilligheid om by vakbonde aan te sluit.

### 1.2.2.3 *Politiese implikasies*

Die onwettige vreemdelingprobleem in verskeie state in Suid-Amerika het soos reeds in dié hoofstuk genoem, gedurende die afgelope paar jaar dramaties toegeneem. Terselfdertyd het die vyandige gevoel van burgers teen onwettige vreemdelinge ook toegeneem en hou burgers onwettige vreemdelinge dikwels verantwoordelik vir die groeiende werkloosheidsyfer. In Argentinië verwys sommige burgers al na die "*Bolivianization*" van die noordelike dele van Argentinië, om die probleem van toenemende getalle onwettige vreemdelinge in dié deel te illustreer.<sup>(41.)</sup>

Die aantal onwettige vreemdelinge in Mexiko het ook gedurende die afgelope paar jaar dramaties toegeneem en daarmee saam burgers se negatiewe houding teenoor onwettige vreemdelinge. Die Mexikaanse Regering was vroeër relatief verdraagsaam teenoor onwettige vreemdelinge omdat dié individue Mexiko slegs as deurgang gebruik het oppad na die VSA, maar gedurende die laaste paar jaar het groter getalle onwettige vreemdelinge in Mexiko aangebly eerder as om die streng bewaakte grens tussen die VSA en Mexiko te probeer oorstek.<sup>(42.)</sup> Die toenemende negatiewe houding van Mexikaanse burgers kom sterk na vore in verskeie voorvalle van mishandeling van onwettige vreemdelinge deur beide werkgewers en lede van die veiligheidsmagte. "Violations of Mexico's minimum wage, and of basic human rights standards, are reportedly widespread where illegal Central Americans are employed. There have been charges that Central Americans suffer rapes, beatings, extortion, and robbery at the hands of Mexican employers and police."<sup>(43.)</sup>

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge kan egter ook konflik tussen state veroorsaak, byvoorbeeld die geval van Haiti en die Dominikaanse Republiek. Daar is ongeveer 200 000 tot 400 000 onwettige vreemdelinge afkomstig uit Haiti in die Dominikaanse Republiek aanwesig. Omdat laasgenoemde drasties probeer om die werkloosheid onder sy eie burgers te verminder, is 'n aantal onwettige vreemdelinge gedurende 1996 uit Haiti gesit. Die regering van Haiti het egter die probleem van



honderde aangekeerde kriminele (oorspronklik burgers van Haiti) uit Noord-Amerika, Kanada en Frankryk wat na Haiti teruggebring word. Sulke individue dra daagliks by tot die stygende misdaadsyfer in Haiti, en die regering moet addisionele kostes aangaan om vir polisiëring te betaal.<sup>(44.)</sup>

Die verskynsel van toenemende getalle onwettige vreemdelinge in Suid-Amerikaanse state, byvoorbeeld Mexiko, veroorsaak 'n toenemende negatiewe invloed van onwettige vreemdelinge op die politieke, ekonomiese en maatskaplike terreine. Omdat die meeste state in Suid-Amerika ekonomies onstabiel of ontwikkelend is, is die negatiewe invloed van toenemende getalle onwettige vreemdelinge op veral die ekonomiese terrein, kommerwekkend.

### 1.2.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek

Soos in die volgende onderafdeling gesien sal word, het toenemende getalle onwettige vreemdelinge binne state en daarmee saam die probleme wat hulle veroorsaak, meegebring dat bepaalde state, byvoorbeeld Argentinië gedurende die afgelope paar jaar besluit het om meer beperkende regulasies in te stel om veral ongeletterde en onbekwame onwettige vreemdelinge daarvan te weerhou om hul grondgebied binne te gaan. Migrante wat reeds binne die state was, moes hulle teenwoordigheid in sommige gevalle wettig of die risiko loop om gedeporteer of uitgesit te word. Onwettige vreemdelinge het state dus aangemoedig om bestaande regulasies en wetgewing te wysig.

Met die afname van Europese immigrante en die geweldige groei van veral Venezuela se ekonomie (hoofsaaklik olie verbandhoudende ekonomiese groei), is miljoene Colombianers gedurende 1970's na Venezuela gelok. Toenemende ekonomiese ontwikkeling het veroorsaak dat groei in die staat se landbou-, konstruksie- en vervoersektore plaasgevind het. Die lae vlak van inkomste in veral Colombia, en Venezuela se sterk geldeenheid het oor die jare van Venezuela 'n gewilde bestemming vir onwettige vreemdelinge gemaak. Bilaterale arbeidsooreenkomste tussen Colombia en Venezuela is gedurende 1951 en 1952 aangegaan. Die *Verdrag van Tonchala* gedurende 1959 het die regerings van beide Colombia en Venezuela daartoe verbind om vreemdelinge wat onwettig in diens geneem

is, te wettig indien werkgeleenthede vir hulle gevind kon word. Gedurende 1979 is die *Andean Ooreenkoms* onderteken wat lidstate verplig het om onwettige vreemdelinge van ander lidstate in hulle eie state te wettig. Op grond van die diplomatieke ooreenkoms is Venezuela se nuwe immigrasiebeleid gedurende 1980 geformuleer en geïmplementeer. Dit is duidelik dat intra-regionale arbeidsmigrasies in Suid-Amerika die sterkste ekonomieë se immigrasiebeleidsrigtings domineer.<sup>(45.)</sup>

Voor 1989 het Costa Rica nooit werklik sy ongedokumenteerde bevolking erken nie. Die gevolg daarvan was dat die staat nooit effektiewe kontrole oor sy grense gehad het nie. Individue wat in werklikheid onwettige vreemdelinge was, is foutiewelik as vlugtelinge beskou en opnames het getoon dat alhoewel die publiek 'n negatiewe houding teenoor vreemdelinge het, hulle nie duidelik kon onderskei tussen vlugtelinge en onwettige vreemdelinge nie. Aan die begin van 1990 het Costa Rica nog geen amptelike beleid ten opsigte van ongedokumenteerde persone binne sy grense gehad nie.<sup>(46.)</sup> Alhoewel Costa Rica se beleid rakende onwettige vreemdelinge nog altyd baie vrygewig was, het die regering na die verkiesing van 1990 besluit om strengere immigrasiebeleid te formuleer en te implementeer om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek.<sup>(47.)</sup>

Maatreëls, byvoorbeeld uitsettingsprogramme, is geïmplementeer en onwettige vreemdelinge het 'n keuse gehad om hulself binne ses maande, óf as vreemdelingsarbeiders of immigrante te wettig, óf om verwyder te word. Die individue wat vir permanente verblyf wou aansoek doen, kon dit doen deur hulle by 'n regionale immigrasiekantoor aan te meld.<sup>(48.)</sup> Groot getalle vreemdelingsarbeiders van Nicaragua migreer jaarliks gedurende Augustus (net voor die jaarlikse koffie oes) na Costa Rica en 'n groot aantal van dié arbeiders bly onwettig in Costa Rica aan nadat die toegelate periode op uitgereikte tydelike werkpermitte verval het. 'n Ooreenkoms tussen die regerings van Costa Rica en Nicaragua, is gedurende die begin van 1998 onderteken in 'n poging om die seisoenale migrasie tussen dié twee state, meer effektief te kontroleer.<sup>(49.)</sup>

Argentinië met sy 2 500 myl lange westelike grens (wat 795 deurgangspunte besit) vind dit besonder moeilik om sy onwettige vreemdelingprobleem te beheer en te verminder. Gedurende Julie 1996 het die Argentynse Regering wel nuwe immigrasiewetgewing geïmplementeer, naamlik verhoogde boetes van tot \$100 000 en gevangenisstraf van

tot ses jaar, aan werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem. Nog 'n beheermaatreël wat ingestel is, is dat toeriste van naburige state nie met minder as \$1 500 Argentinië mag binnegaan nie. Die regulasie het egter daartoe aanleiding gegee dat individue \$1 500 aan veral burgers van Bolivia en Peru leen, om Argentinië onwettig binne te gaan.<sup>(50.)</sup>

Die regering van die Dominikaanse Republiek het gedurende Oktober 1997 bekend gemaak dat verskeie maatreëls geïmplementeer sou word om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek. Een van die maatreëls was dat geen tydelike werkpermitte aan burgers van Haiti uitgereik sou word nie (van die beraamde getal van 300 000 onwettige vreemdelinge was ongeveer 150 000 uit Haiti afkomstig) aangesien 'n groot gedeelte van dié individue in die Dominikaanse Republiek aangebly het nadat die toegelate periode op sy/haar visum reeds verstryk het.<sup>(51.)</sup>

Die grootste gedeelte van die onwettige vreemdelinge in Suid-Amerikaanse state spruit voort uit intra-regionale migrasie patrone as gevolg van die feit dat sommige ekonomieë in die streek meer stabiel is as ander. Die intra-regionale migrasie het begin as tydelike arbeidsmigrasie van arbeiders in die landbousektor, maar die gebruik van migrante arbeid het oor 'n periode versprei na ander industrieë byvoorbeeld die produksiesektor, waar die behoefte aan ongeskoolde arbeid toegeneem het as gevolg van die ontwikkeling van ekonomieë soos die van Argentinië. Geografiese toestande maak dit vir onwettige vreemdelinge maklik om grense tussen state onwettig oor te steek.

## 2. Wes-Europa

Soos in die geval van die VSA, het die getalle onwettige vreemdelinge gedurende die afgelope paar jaar in Europese state begin toeneem. Toenemende getalle onwettige vreemdelinge in veral Wes-Europese state het regerings van dié state laat besluit dat strenger maatreëls nodig is om meer effektiewe beheer oor onwettige vreemdelinge uit te oefen.

## 2.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Wes-Europa

Tot en met die laat negentiende eeu kon arbeiders en hulle gesinne die meeste Wes-Europese state vrylik binnegaan, of verlaat. Vanaf die 1980's, het verskeie regerings egter begin om strengere beperkings en beheermaatreëls te implementeer. 'n Individue wat 'n staat wou binnegaan moes voldoen aan bepaalde kriteria, wat bepaal is deur die behoeftes van die staat se arbeidsmag, ekonomie en die persoon se nasionaliteit.

Die implementering van die Marshall Plan na die Tweede Wêreld Oorlog het spoedige ekonomiese herstel en meer as twee dekades van ekonomiese groei vir Europa verseker. Hierdie plan het ook die weg vir transformasie in beide die struktuur van inter-regionale en internasionale immigrasiepatrone gebaan, terwyl Europese state gestreef het na ekonomiese heropbou en ontwikkeling. Voor die Tweede Wêreld Oorlog was migrasie in Europa hoofsaaklik tussen naburige state en binne regionale streke, maar na die Tweede Wêreld Oorlog het die behoefte aan arbeiders in sekere state die migrasiepatrone verskuif tot breër sones - vanaf naburige state en veral die voormalige kolonies in Noord-Afrika. Teen die 1960's het die meeste van die state in die noordwestelike deel van Europa arbeidstekorte ondervind en arbeiders van ander state begin "invoer" in 'n poging om groei in hulle ekonomieë te stimuleer. Dié state het oor die algemeen as "arbeidsinvoerders", bekend gestaan.<sup>(52.)</sup>

Gedurende 1973 het Europese ekonomieë 'n groot knou gekry as gevolg van die olie krisis waarna ekonomiese toestande versleg, werkloosheid verhoog en anti-immigrante politieke bewegings toenemend meer ondersteuning begin kry het. Verdraagsame houdings en beleid teenoor onwettige vreemdelinge het na die olie krisis (gedurende 1972) dramaties verander. As gevolg daarvan is "arbeidsinvoere" drasties verminder en van die eerste beperkende immigrasiebeheermaatreëls is ingestel om die groot getalle immigrante (beide wettig en onwettig) van ander state, op soek na werk in Europa, te probeer beheer en te verminder. Die groeiende bewustheid oor onwettige vreemdelinge gedurende daardie periode, hou verband met 'n grootskaalse neiging tot die verpolitiserings van immigrasie kwessies.<sup>(53.)</sup>

Die geskiedenis van immigrasie na Europese state word kortliks in hierdie onderafdeling bespreek omdat dit aanleiding gegee het tot die bestaande situasie rakende onwettige vreemdelinge in Europese state. Soos reeds genoem, was die primêre doel van die strenger maatreëls teen immigrante na die vroeë 1970's, om alle immigrasie drasties te verminder. Strenger maatreëls teenoor onwettige vreemdelinge het egter dikwels negatiewe gevolge, en Europa was geen uitsondering nie. Veral in Brittanje en Frankryk het die verslegtende ekonomiese posisie van wettige immigrante, minderheidsgroepe, en plaaslike laer klasse, gelei tot die eerste rasse konflik tussen immigrante en burgers van die onderskeie state.<sup>(54.)</sup>

Wat Europese immigrasiebeleid betref, kan die tydperk na die Tweede Wêreld Oorlog in die volgende periodes ingedeel word: 1945 tot 1973 (beleid moedig grootskaalse immigrasie van arbeiders aan); 1973 tot in die middel 1980's (implementering van beleidsrigtings wat verdere immigrasie van arbeiders moes verminder en minimaliseer) en die 1980's tot die 1990's (beperkende immigrasiebeleid word voortgesit en meer aandag word geskenk aan 'n probleem wat toenemend begin voorkom, naamlik onwettige vreemdelinge en asielsoekers).<sup>(55.)</sup>

Ten spyte van genoemde beheermaatreëls, het die getalle onwettige vreemdelinge na veral Wes-Europese state bly toeneem. Onwettige immigrasie het gedurende die 1980's die fokus van aggresiewe veldtogte van veral regse partye en groepe geword. Die gevolg was die toenemende verpolitisering van migrasie kwessies (wettig en onwettig) in baie van die Europese state, wat die druk vir strenger migrasiebeheer veroorsaak het. Inisiatiewe rakende onwettige vreemdelinge neem een van die volgende vorme aan: die implementering van strenger maatreëls, of pogings om die belangrikste oorsaak van onwettige migrasie aan te spreek naamlik die groot skeiding (ekonomies en andersins) tussen die noordelike en suidelike halfrond.<sup>(56.)</sup>

In die voortdurende internasionale debat oor onwettige vreemdelinge, het toenemende ooreenstemming tussen state ontstaan dat strenger regulasies rakende die toelating van onwettige vreemdelinge in state, slegs beperkte sukses sou hê. Die omvang van beheer wat nodig was om grense bykans ondeurdringbaar te maak, is teenstrydig met die neiging van verhoogde interaksie en kommunikasie tussen state. "The disparity between economic and social conditions in the South and the North is such that illegal migration

is likely to grow whatever the barriers. There is therefore an emerging consensus about the need to address the 'root causes' of mass migration, by supporting development efforts in the countries of origin."<sup>(57.)</sup>

Die probleme rakende onwettige vreemdelinge in Wes-Europese state is baie soortgelyk aan dié in die VSA in die opsig dat Wes-Europese state ook groeiende getalle onwettige vreemdelinge in die gesig staar. Die vermeerdering word hoofsaaklik toegeskryf aan ekonomiese en demografiese druk op individue in hulle onderskeie tuisstate, wat hulle aanspoor om beter werkgeleenthede in ander state te gaan soek. Die werklike aantal onwettige vreemdelinge is nie bekend nie, maar beraamde getalle dui aan dat ten minste 2,6 miljoen onwettiges hulle gedurende 1993 in Wes-Europese state bevind het. Van hierdie 2,6 miljoen was sowat 1,5 miljoen of meer as 50 persent van die onwettige vreemdelinge in die suid-westelike state - veral Italië en Spanje.<sup>(58.)</sup> Vanaf 1994 tot 1996, het die aantal onwettige vreemdelinge uit Afrika wat deur die Spaanse polisie aangekeer is, met 85 persent toegeneem tot 'n getal van 7 741.<sup>(59.)</sup> Aan die begin van 1998, het die Spaanse Minister van Binnelandse Sake, Jaime Mayor Oreja, bekend gemaak dat die getal onwettige vreemdelinge op ongeveer 600 000 (bykans twee persent van die totale Spaanse bevolking) geraam word.<sup>(60.)</sup> In Frankryk, word die getal onwettige vreemdelinge op tussen 300 000 en 500 000 geraam.<sup>(61.)</sup>

'n Verdere belangrike aspek rakende onwettige vreemdelinge in veral die suide van Europa, is die groot verskeidenheid van herkomste. In die VSA is onwettige vreemdelinge hoofsaaklik van Spaanse afkoms (waarvan 80 persent van Mexiko is), maar in Europa is die samestelling só gemeng dat geen spesifieke groep as gevolg van sy grootte uitgesonder kan word nie. Die onwettige vreemdelingbevolking bestaan uit individue van Noord-Afrika, suidelike Afrika, Asië en die Midde-Ooste. As gevolg van die drastiese vermeerdering van onwettige vreemdelinge word state wat nooit voorheen 'n probleem met onwettige vreemdelinge gehad het nie, gedwing om die probleem met strengere immigrasiebeleid aan te spreek. Europa met sy sterk kulturele agtergrond, vind dit moeilik om groepe vreemdelinge wat op kulturele vlak sowel as etniese vlak grootliks van hul eie burgers verskil, in die gemeenskap te integreer of te akkommodeer.<sup>(62.)</sup>

Tog bly die meeste onwettige vreemdelinge wat hulle wel in veral Wes-Europese state bevind, nie meer as 'n aantal maande onwettig in 'n bepaalde staat nie. Nuwe onwettige

seisoen-gerigte arbeidspatrone en langafstand pendelary (onder die dekking van toerisme) het alledaags geword. Saam met bogenoemde veranderings wat hoofsaaklik gedurende die laat 1980's ontwikkel het, kom ander patrone van migrasie ook voor. Die meeste suid-Europese state het ontwikkel in gewilde "immigrasiestate", en Spanje en Portugal se lidmaatskap van die Europese Unie het toenemende terugkerende migrasie vanaf state soos Duitsland en Frankryk veroorsaak.<sup>(63.)</sup>

Die grootste probleem rakende effektiewe kontrole oor migrasie, wat die Europese state tans in die gesig staar, is egter nie onwettige vreemdelinge nie maar vlugteling en asielsoekers. Sommige state sien die probleem as een wat dreig om die stabiliteit van Europa te ondermyn. 'n Goeie voorbeeld is Duitsland. Gedurende die laaste paar jaar is Duitsland oorval deur asielsoekers uit veral die sentrale dele van Europa, naamlik die voormalige Joego-Slawië, Roemenië en Turkye.<sup>(64.)</sup> State in Wes Europa beskou die probleem van vlugteling as veel meer ernstig as dié van onwettige vreemdelinge. Frankryk slaag telkens daarin om die toenemende getalle vlugteling en aansoeke om asiel wat goedgekeur word, te beperk. Maar die beperkte goedkeuring van asielaansoeke skep uiteindelik groter probleme vir state soos Frankryk en Duitsland omdat vlugteling wie se aansoeke nie goedgekeur word nie, hulle dan wend na onwettige migrasie om hul probleme te ontduik.<sup>(65.)</sup> Brittanje deporteer minder as tien persent van alle individue wie se asielaansoeke onsuksesvol is. Die verdere 90 persent verdwyn, of doen weer aansoek om asiel. Gedurende 1994, was daar ongeveer 32 800 asielaansoeke, waarvan 4 500 toegelaat is om in Brittanje aan te bly, en 1 580 individue is gedeporteer. Die oorblywende 26 720 kon nie opgespoor word nie, en die moontlikheid bestaan dat 'n groot gedeelte van die individue hulle as onwettige vreemdelinge in Brittanje of ander Europese state bevind. Die moontlikheid word ondersteun deur die feit dat die getal onwettige vreemdelinge wat in Brittanje in hegtenis geneem is, toegeneem het vanaf 4 000 in 1988 to sowat 10 000 in 1995.<sup>(66.)</sup> Volgens die Britse Immigration Service Union, is 250 000 asielaansoeke van vreemdelinge sedert 1989 ontvang, waarvan 10 700 as vlugteling erken en slegs 13 000 (sedert 1990) uit die land gesit is. Gedurende 1997, is 'n verdere 32 000 asielaansoeke ontvang.<sup>(67.)</sup>

Die onwettige vreemdelingprobleem in die ooste van Europa verskil van dié in die westelike state. Duitsland se immigrasiebeleid het hopeloos gefaal om veral onwettige vreemdelinge van ander state as dié van die Europese Unie (EU) lidstate te beperk. Tog

beskou die Duitse gemeenskap vlugteling as 'n groter bedreiging as onwettige vreemdelinge. Die bestaande Duitse immigrasiebeleid dui ook aan dat die Duitse Regering en publiek meer bekommerd is oor vlugteling wat van plan is om aansoek te doen om asiel, as onwettige arbeiders. Tog blyk dit dat die groeiende omvang van werkloosheid in Duitsland die aandag ook op onwettiges fokus en die behoefte aan strengere beheer laat toeneem.<sup>(68.)</sup>

Volgens beramings is sowat 200 000 onwettige vreemdelinge in totaal gedurende 1995 uit lidstate van die EU gesit (2 600 uit Brittanje, 60 000 uit Duitsland en ongeveer 10 000 uit Frankryk). Wat asielaansoeke van vlugteling aan die EU lidstate betref, is 300 000 gedurende 1995,<sup>(69.)</sup> 231 610 gedurende 1996, en 250 880 gedurende 1997 ontvang.<sup>(70.)</sup>

## **2.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem in Wes-Europa**

Alhoewel die getalle onwettige vreemdelinge in verskillende Europese state varieër, ondervind bykans al die state 'n groeiende toename in die getalle onwettige vreemdelinge binne hulle grense. Die invloed van onwettige vreemdelinge op ekonomiese, sosio-maatskaplike en politieke terreine verskil dus ook in die onderskeie state.

### **2.2.1 Maatskaplike implikasies**

Die toenemende gebruik van staatsgesubsidieerde onderwys en mediese dienste deur onwettige vreemdelinge kan 'n staat se beplande uitgawes tot 'n mindere of meerdere mate beïnvloed. 'n Goeie voorbeeld is Frankryk. Gedurende Mei 1996 was daar volgens ramings tussen 250 000 en 600 000 onwettige vreemdelinge in Frankryk. Die Sauvaigo Kommissie is deur die Franse Regering aangestel om die onwettige vreemdelingsituasie te evalueer en het voorgestel dat die toegang van onwettige vreemdelinge tot gratis mediese dienste en skoolonderrig drasties beperk moes word.<sup>(71.)</sup>

Gedurende April 1996 het die Franse Regering die gebruik van rekenaars aangekondig om te help met die regulering van kostes (deur die staat aangegaan vir die lewering van mediese dienste). Verdere stappe wat aangekondig is, is die beplande vernietiging van bepaalde woonstelblokke waarin immigrante (waaronder verdenkte onwettige



vreemdelinge) woon, aangesien 'n regeringskommissie die woonstelblokke as gesondheid en misdaadrisiko's beskou het.<sup>(72.)</sup>

Soos meestal die geval, is die onwettige vreemdelinge bereid om in haglike omstandighede en vir min geld te werk. In sulke gevalle baat onwettige vreemdelinge meer daarby om betrokke te raak by misdaadsindikate, waar geld wat ontvang word veel meer is as wat die individu sou verdien deur te werk, en soos reeds genoem ontvang die onwettige vreemdelinge dikwels beskerming van die bendes en/of sindikate waarby hulle betrokke is. Die addisionele bekamping en voorkoming van misdaad kos die staat en belastingbetaler jaarliks groot somme geld.<sup>(73.)</sup> Georganiseerde misdaad is endemies aan duisende kriminele groeperings in verskeie Europese state. Dwelmshandel het in veral lidstate van die EU tot so 'n mate toegeneem dat dit nou gesien word as 'n industrie met 'n geraamde jaarlikse omset van tussen \$400 en \$500 biljoen. Die handel in dwelms word nie net geassosieer met gewelddadige misdaad nie, maar dit verhoog ook ander misdaad namate individuele dwelmgebruikers hulle verslawing aan dwelms probeer finansier deur te steel, en ander misdade te pleeg.<sup>(74.)</sup>

Die smokkel van onwettige vreemdelinge na 'n bepaalde staat vorm 'n groot deel van georganiseerde misdaad. Gedurende 1996 het 'n geraamde 700 smokkeloperasies in Brittanje alleen voorgekom. Onwettige vreemdelinge moes 'n fooi van \$5 000 tot \$16 000 betaal, wat vervalste dokumentasie, reiskoste, en drie pogings om Brittanje binne te gaan, ingesluit het. Sodra dié individue die land suksesvol binne gegaan het, het hulle dikwels werk as prostitute of werk in die landbousektor aanvaar.<sup>(75.)</sup> Onwettige vreemdelinge is dikwels betrokke by van bogenoemde misdade (byvoorbeeld prostitusie en betrokkenheid by die dwelmshandel) omdat dit vir hulle beter inkomste bied as om teen 'n baie lae loon te werk. Nog 'n rede vir die betrokkenheid van onwettige vreemdelinge by misdaadsindikate is dat die implementering van strenger immigrasiebeheer deur verskeie state in Europa, dit vir onwettige vreemdelinge toenemend moeilik maak om 'n bepaalde staat binne te gaan, of om onwettig in so 'n staat aan te bly. In die geval van dwelmshandel ontvang onwettige vreemdelinge wat daarby betrokke is, ook dikwels beskerming van hoofde van dwelmbendes. Deur by sulke misdaadbendes betrokke te wees, maak dit ook makliker om vervalste dokumente in die hande te kry. Vir Europese state is die feit dat misdaadsyfers styg, 'n groot probleem.

Wêreldwye migrasie het oor 'n periode van baie jare veroorsaak dat beide ontwikkelde en ontwikkelende state kultureel meer divers geraak het. Veral Europese state moet as gevolg van toenemende migrasie (beide wettig en onwettig) die realiteit van etniese pluralisme aanvaar.

### **2.2.2 Ekonomiese implikasies**

Weens die behoefte aan goedkoop arbeid in sekere Europese state, kom talle werkgewers voor wat bereid is om wetgewing te verbreek deur onwettige vreemdelinge in diens te neem. Soos in vele ander state bestaan daar ook geen tekort aan beskikbare goedkoop, maar onwettige arbeid nie. 'n Voorbeeld is België. Werkgewers bespaar groot bedrae geld deur onwettige vreemdelinge in diens te neem en sodoende nie by te dra tot die maatskaplike sekuriteitstelsel nie. Volgens wetgewing is alle werkgewers verplig om vir elke BF50 000 wat 'n besigheid aan 'n werknemer betaal, 'n ooreenstemmende bedrag in die maatskaplike sekuriteitstelsel of pensioenfondse in te betaal. Omdat werkgewers geneig is om onwettige vreemdelinge baie lae lone te betaal, is die ooreenstemmende bedrag wat in die pensioenfonds geplaas moet word baie minder as wat dit sou wees indien 'n Belgiese burger in diens geneem sou word.<sup>(76.)</sup> Soos reeds genoem is onwettige vreemdelinge dikwels bereid om laer lone en in swakker werksomstandighede as wettige burgers te werk. Werkgewers maak in baie gevalle (veral in die konstruksiesektor) eerder gebruik van onwettige vreemdelingarbeid as om wettige burgers in diens te neem.<sup>(77.)</sup>

### **2.2.3 Politieke implikasies**

Alhoewel vlugteling in die meeste Europese state as 'n groter probleem gesien word as onwettige vreemdelinge, het die getalle onwettiges en die implikasies van hul teenwoordigheid tot so 'n mate toegeneem, dat die meeste Europese state tot 'n meerdere of mindere mate strenger immigrasiebeheermaatreëls ingestel het om die groeiende probleem meer effektief te begin hanteer. Resente veranderings en aanpassings van bestaande immigrasiebeleid byvoorbeeld die voorgestelde wetsontwerp in Frankryk (gedurende Oktober 1996) om sekere onwettige vreemdelinge burgerskapstatus te gee en sodoende meer beheer oor immigrante binne Frankryk uit te oefen, gee 'n aanduiding dat state daadwerklike stappe onderneem om die groeiende

probleem van onwettige migrasie aan te spreek.<sup>(78.)</sup>

In Europese state beskou sommige burgers onwettige vreemdelinge, wettige migrante en vlugtelinge in dieselfde lig. Wettige burgers koester tot 'n meerdere of mindere mate 'n negatiewe gevoel teenoor al drie groepe. Dié negatiewe gevoel spruit hoofsaaklik uit die siening dat werkgeleenthede reeds skaars is en dat groeiende getal migrante (wettig en onwettig) die moontlikheid vir Europese burgers om werk te bekom verklein en in sekere state bykans onmoontlik maak. "Many Europeans fear an 'invasion' from North Africa and Eastern Europe. They are concerned that the combination of European and non-European demographic patterns (low fertility rates and an ageing population in Europe, versus high fertility rates and a younger population in North Africa) and economic dynamics (significant wage differentials between Europe and North Africa) will continue to create the conditions to attract undocumented immigrants."<sup>(79.)</sup>

Negatiewe houdings teenoor beide vlugtelinge en onwettige vreemdelinge het beslis toegeneem. "In Western Europe, fears of being swamped by foreign cultures, religions, languages and social beliefs has been expressed especially against the backdrop of a declining birth rate of the native populations and economies in recession. The pervasiveness of these factors can be seen in the phenomenal growth of the extreme right-wing parties, all of which stand on strong anti-immigrant platforms."<sup>(80.)</sup>

Sommige Europese burgers sien onwettige vreemdelinge (en migrante in die algemeen) as 'n bedreiging vir die nasionale identiteit. In Frankryk byvoorbeeld het die leier van die *National Front* politieke party, Jean Marie Le Pen, in Mei 1996 tydens 'n onderhoud dit gestel dat: "...growth in immigration...provoked unbearable economic and social consequences...the idea of the 'nation' remains the most effective way to protect security, liberty, identity and prosperity...One cannot make French people from massive immigration. To live in security and harmony, people need a certain homogeneity."<sup>(81.)</sup>

Die primêre rede vir burgers se negatiewe houding teenoor onwettige vreemdelinge is hoofsaaklik die siening dat onwettige vreemdelinge werkgeleenthede van Europese burgers ontnem omdat hulle bereid is om teen laer lone te werk. Die dramatiese afname in werkloosheidsyfers in veral EU lidstate blyk nie realisties te wees nie omdat die state wat die *Maastricht Verdrag* onderteken het sukkel om die ekonomiese vereistes wat die

verdrag stel ten einde 'n monetêre eenheid te bewerkstellig, na te kom. Die moontlikheid dat negatiewe houdings teenoor immigrante in die algemeen en onwettige vreemdelinge spesifiek, dramaties sal afneem, is dus skraal.<sup>(82.)</sup>

Ten spyte van die sienings bestaan 'n konstante behoefte aan goedkoop migrante arbeid. Volgens beramings sal Frankryk van tussen 160 000 en 360 000 vreemdelingarbeiders gebruik maak in die volgende 20 jaar en terselfdertyd sal België van goedkoop migrante arbeid gebruik maak in die ekonomie se arbeidsintensiewe produksie-, landbou- en konstruksiesektore.<sup>(83.)</sup>

Die toename in die getal onwettige vreemdelinge na Europese state het nie gelei tot interstaatlike spanning tussen state nie, intendeel, dit het gelei tot toenemende samewerking tussen state. Goeie voorbeelde van samewerking is die *Shengen Ooreenkoms* en die *Dublin Konvensie*. Beide die ooreenkomste fokus op samewerking tussen state om 'n groeiende, gemeenskaplike probleem aan te spreek naamlik ongewenste immigrasie sowel as onwettige vreemdelinge.<sup>(84.)</sup>

## 2.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem op te los

Aangesien dit uiteraard onmoontlik is om 'n gedetailleerde beskrywing van elke staat se wetgewing te gee word 'n algemene oorsig oor die belangrikste bestaande en beplande maatreëls in die Europese Gemeenskap (EG) en Wes-Europese state om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, gegee.

### 2.3.1 Die Europese Gemeenskap

Sedert die middel van die tagtigerjare is die verskynsel van migrasie (beide wettig en onwettig) deur die Kommissie van die EG bespreek, maar die Kommissie kon nie daarin slaag om 'n gemeenskaplike beleid te formuleer rakende die binnekoms van individue vanaf ander state na die lidstate van die EG nie. Interstaatlike samewerking is hoofsaaklik oorgelaat aan verskeie *ad hoc* groepe. Die belangrikste hiervan was die *Schengen Ooreenkoms* wat in Junie 1985 deur Frankryk, Duitsland en die Benelux-state, onderteken is. Die onderskeie state het onder andere besluit dat grensbeheermaatreëls

op hulle gesamentlike grense verwyder sou word en dat 'n gesamentlike beleid rakende immigrante geformuleer sou word. Na die formulering van die ooreenkoms het die *Shengen-groep* die fokus van pogings geword om strenger grensbeheer te implementeer en om strenger vereistes te stel vir migrante vanaf veral state in die suidelike halfgrond.<sup>(85.)</sup>

Die belangrikste doelwitte van die *Shengen Ooreenkoms* het onder andere die volgende ingesluit: bestaande grensbeheer in die onderskeie lidstate sou verander word; gemeenskaplike grense sou verwyder word; en 'n gesamentlike beleid rakende immigrante (wat veral vanaf Derde Wêreld state na Europese state migreer het) sou tussen die lidstate geformuleer word. Na die formulering van die ooreenkoms het die *Shengen-groep* die fokus van verskeie pogings geword om strenger grensbeheer in Europa te implementeer en om strenger vereistes te stel vir migrante vanaf veral state in die suidelike halfgrond.<sup>(86.)</sup>

Die *Shengen Ooreenkoms* se doelwitte om interne grensbeheer tussen die onderskeie lidstate af te skaf; gesamentlike beleid rakende visumvereistes en asielaansoeke te formuleer; kontrole oor burgers uit Derde Wêreldstate meer effektief te maak; en die uitruiling van inligting rakende ongewenste persone (kriminele, terroriste, onwettige vreemdelinge en persone wie se asielaansoeke nie goedgekeur is nie) tussen die onderskeie lidstate, word beskou as 'n belangrike stap in die rigting van 'n Europese Gemeenskap (EG) waar die vrye beweging van individue, van die een staat na die ander sonder enige dokumentasie, 'n werklikheid is.<sup>(87.)</sup>

Die opheffing van grensbeheer deur die *Shengen Ooreenkoms* het dit egter vir onwettige vreemdelinge veel makliker gemaak om vinnige toegang tot meer as een Europese staat (wat lid is van die EG) te verkry. Sodra 'n onwettige vreemdeling daarin geslaag het om toegang tot een staat te verkry, kan so 'n persoon van een staat na 'n ander beweeg sonder enige verdere risiko. Burgers van die EG is geregtig daarop om in enige staat wat lid is van die EG, te werk. Hierdie reg word egter nie verleen aan enige state (of hulle burgers) wat nie lid is van die EG nie. 'n Onwettige vreemdeling kan dus maklik van een EG lidstaat na 'n ander beweeg of onwettig in die bepaalde staat aanbly sodra hy/sy daarin kon slaag om een van die EG lidstate binne te gaan. Huidige beleid maak elke staat verantwoordelik vir die vreemdelinge wat deur sy grense beweeg. Daar bestaan egter twyfel of sommige state in die suide van Europa byvoorbeeld Spanje en Italië, oor

die nodige vermoë beskik om die binnekoms van immigrante doeltreffend te kontroleer, en dit vir onwettige vreemdelinge maklik maak om die EG binne te kom. Boonop maak die feit dat die immigrasiebeleid van verskillende Europese state verskil, dit vir enige van die EG lidstate bykans onmoontlik om hulle immigrasiebeleid doeltreffend te implementeer, juis omdat dit vir onwettige vreemdelinge so maklik is om van een EG lidstaat na 'n ander te beweeg. Hoe meer grense binne die EG onbelangrik word, hoe belangriker word die effektiewe kontrole van die eksterne grense van die EG.<sup>(88.)</sup>

Gedurende Mei 1996 is verdere stappe deur die EG lidstate geneem om die groeiende probleem van onwettige vreemdelinge aan te spreek. Die voorstel van 'n gesamentlike visa-, asiel-, en immigrasiebeleid en 'n groter rol vir die Europese Geregshof is deur al die lidstate met die uitsondering van Brittanje, ondersteun.<sup>(89.)</sup> Die maatreëls sluit ook die volgende in: die reg van die EU Kommissie om nuwe wetgewing rakende immigrasie aangeleenthede voor te stel en om besluite rakende immigrante aangeleenthede, onderhewig aan die hersiening van die besluite deur die Europese Parlement, te maak. Die voorgestelde nuwe struktuur gee ook aan die Europese Geregshof die bevoegdheid om uitsprake aangaande immigrasie aangeleenthede te lewer. Brittanje is gekant teen die uitbreiding van die Hof se jurisdiksie. 'n Besluit is deur die EG lidstate geneem dat indien Brittanje nie van posisie verander nie, die ander lidstate sonder Brittanje sal voortbeweeg met die wettiging en implementering van die voorstelle.<sup>(90.)</sup>

Die ineenstorting van die voormalige Sowjet-Unie het die suksesvolle regulering van migrasie vanuit veral Oos Europese state meer noodsaaklik gemaak. Gedurende Desember 1989 het die 12 lidstate van die EG hulle "reg en plig" om onwettige immigrasie te beveg, bevestig. Gedurende Junie 1990 het die EG lidstate 'n ooreenkoms onderteken wat as die *Dublin Konvensie* bekend gestaan het. Die Konvensie het kriteria neergelê vir die bepaling van vlugtelingstatus en om asielsoekers daarvan te weerhou om veelvoudige aansoeke om vlugtelingstatus in verskillende state te doen. Teen 1992 het te min regerings die ooreenkoms bekragtig, en kon die ooreenkoms as gevolg hiervan nie in werking tree nie.<sup>(91.)</sup>

### 2.3.2. *Bestaande en beplande maatreëls in individuele state*

Europese state poog steeds ook om die probleem van onwettige vreemdelinge op

nasionale vlak aan te spreek. In November 1995 is nuwe maatreëls teen onwettige vreemdelinge en werkgewers wat hulle in diens neem, deur die Britse Regering voorgestel. Die *Asylum and Immigration Bill* sluit werkgewer sanksies in die vorm van swaar boetes in asook strengere maatreëls aan individue wat bestaande immigrasiewette oortree. Immigrasiebeamptes word met meer mag voorsien sodat vreemdelingarbeiders wie se verblyf en/of werkpermitte reeds verstryk het, maar onwettig binne die staat aanbly, makliker opgespoor kan word en immigrasiebeamptes se taak van deursoeking van geboue, huise en/of kantore vir dokumente te vergemaklik.<sup>(92.)</sup>

Die Minister van Binnelandse Sake se magte is ook uitgebrei en kan beveel dat sekere kategorieë van persone wat toestemming nodig het om Brittanje binne te gaan en/of daar aan te bly (byvoorbeeld vreemdelingarbeiders wat werkpermitte benodig), nie geregtig is op bystand vir behuising nie. Deur die wetsontwerp kan dit ook vir immigrante onmoontlik gemaak word om geregtig te wees om bystand te ontvang van "*Child Benefit*" wat deel vorm van die Britse gesondheidsprogram.<sup>(93.)</sup>

Werkgewers is duidelike riglyne belowe om hulle by te staan in die identifisering van onwettige vreemdelinge. Oor hierdie aspek het die Britse Minister van Binnelandse Sake dit gestel dat: "In the *Asylum and Immigration Bill* we are proposing the creation of a new criminal offence of employing an immigrant aged 16 or over if that immigrant does not have valid leave to remain in the United Kingdom - or if he is prohibited from taking the employment in question. The Government will be providing guidance to employers and explaining to them what they will need to do to establish a defence. We want all employers to be aware of their new obligations. The Commission of Racial Equality has promised to assist us in drawing up the guidance. However addressing the problem of illegal working, the Government needs the help of employers because access to the labour market depends on them".<sup>(94.)</sup> Die *Asylum and Immigration Bill* is goedgekeur en die *Asylum and Immigration Act* van 1996 het op 27 Januarie 1997, in werking getree.<sup>(95.)</sup>

Sommige state, byvoorbeeld Pole, beskik egter nog nie oor die nodige mannekrag om die toenemende onwettige vreemdeling probleem aan te spreek nie. Teen Augustus 1996 was slegs 16 inspekteure van die Poolse Departement van Indiensneming, verantwoordelik vir die opsporing en arrestasie van onwettige vreemdelinge.<sup>(96.)</sup>

Gedurende Oktober 1996 is 'n wetsontwerp in Frankryk geformuleer wat voorsiening maak vir die wettiging van onwettige vreemdelinge. Om vir permanente verblyfstatus te kwalifiseer, moes die individue aan een of meer van die volgende kriteria voldoen, naamlik: dat hulle meer as 15 jaar in Frankryk woon en werk; 'n Franse eggenoot het; en/of Franse kinders hê. Die wetsontwerp verleen egter nie burgerskap aan onwettige vreemdelinge as ouers van kinders wat in Frankryk gebore is nie. Die Franse Regering poog deur die beplande maatreëls om beheer oor migrante te verskerp en wetlike maatreëls te oorbrug wat die uitsetting van onwettige vreemdelinge verhinder of bemoeilik.<sup>(97.)</sup>

Gedurende 27 Februarie 1997 is wetgewing in Frankryk goedgekeur waarmee die teenwoordigheid van sommige onwettige vreemdelinge gewettig kon word, maar die opsporing en uitsetting van onwettige vreemdelinge terselfdertyd vergemaklik is. Die nuwe wetgewing gee onder andere aan die polisie die reg om persele vir onwettige vreemdelinge te deursoek, om vreemdelinge se voertuie te deursoek, en om die paspoorte van vreemdelinge, wat nie vereiste verblyfpermitte kan toon nie, te konfiskeer.<sup>(98.)</sup> Besoekers van ontwikkelende state wat van plan is om van privaatakkommodasie in Frankryk gebruik te maak, word ook verplig om 'n uitnodigingsbrief van die Franse gasheer (in wie se woning gebly gaan word) te verkry en moet dié "sertifikaat" aan owerhede by die betrokke lughawe, met vertrek, oorhandig word.<sup>(99.)</sup>

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge het tot 'n mindere of meerdere mate 'n negatiewe invloed op die maatskaplike en politieke terreine van Wes-Europese state, maar die grootste negatiewe implikasie van die teenwoordigheid van groot getalle onwettige vreemdelinge is op dié state se ekonomieë. Dié negatiewe invloed kan dikwels in die verlaging van loonvlakke en die bydrae tot groeiende werkloosheidsyfers, gesien word.

### 3. Asië

Tot einde 1997 is sommige ekonomieë binne die Asiatiese streek gekenmerk deur stabiele groei. Die gevolg was die ontwikkeling van arbeidstekorte in state soos Japan, wat gelei het tot 'n toenemende behoefte aan goedkoop en maklik bekombare migrante



arbeid. Saam met die toenemende getalle vreemdelingarbeiders in Asiatiese state, het die getalle onwettige vreemdelinge egter ook vermeerder. Die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in sommige Asiatiese state word vervolgens bespreek.

### **3.1 Historiese oorsig oor wettige en onwettige migrasie en die aard en omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in Asië**

Meer as die helfte van die wêreld se migrante werksmag word in Asië en die Stille Oseaan gebied aangetref. Gedurende die 1970's en 1980's het internasionale migrasie vanaf Asië na geïndustrialiseerde state dramaties toegeneem, maar gedurende die 1990's het die klem na interne migrasie binne Asië verskuif, veral van minder ontwikkelde state met groot arbeidsurplusse na vinnig groeiende, nuut-geïndustrialiseerde state met 'n tekort aan goedkoop arbeid. Dié migrasie tendens het telkens ekonomiese, maatskaplike en politieke veranderings tot gevolg gehad. Goeie voorbeelde hiervan is onlangse investering deur Hong Kong in die "Special Economic Zone of Shenzen", in die suide van Sjina. Dié investering het gelei tot die beskikbaarheid van twee miljoen werkgeleenthede en massa landelike tot stedelike migrasie. 'n Verdere voorbeeld is die "transmigrasie" program in Indonesië. Hierdie program was verantwoordelik vir die verskuiwing van 6,5 miljoen individue van digbevolkte Java na minder oorbevolkte eilande, byvoorbeeld Sumatra en Sulawesi.<sup>(100.)</sup>

Grootskaalse migrasie in Asië het toenemend na die beëindiging van die post-koloniale periode, begin voorkom. Ná dié tydperk kon Asiatiese state op internasionale vlak deel hê aan ekonomiese en politieke verhoudinge en interaksies. Deur handel en industrialisasie is huidige vorme van produksie en maatskaplike strukture toenemend verander. Mense is na stede gelok deur beter en meer beskikbare werkgeleenthede, maar die vinnige industriële groei van sommige streke en die voortdurende stagnasie van ander, het veroorsaak dat individue ook na ander state moes migreer om werk te verseker. Só het onwettige immigrasie na ander state buite die Asiatiese streek afgeneem en tussen state binne die streek, begin toeneem.<sup>(101.)</sup>

Soos reeds genoem, het drastiese ekonomiese groei in sommige Asiatiese state 'n toenemende behoefte aan migrante arbeid laat ontstaan. Sulke state sluit onder andere Japan, Hong Kong, Taiwan en Singapoer in. Arbeiders wat die groot behoefte aan arbeid

kon vul, is "ingevoer" van veral Pakistan, die Fillipyne, Bangladesh en Korea. Die probleem is egter dat die behoefte aan goedkoop arbeid só groot is dat vreemdelinge uit bogenoemde state dikwels sonder permitte aangestel word, as veral werkers in fabrieke of die konstruksiesektor.<sup>(102.)</sup>

As gevolg van die ekonomiese vooruitgang van ook Suid-Korea in die streek, gebeur dit al hoe meer dat burgers wat Suid-Korea verlaat het as gevolg van swak ekonomiese omstandighede, nou na Suid-Korea terugkeer omdat die moontlikhede vir 'n suksesvolle toekoms daar veel beter lyk as in die state waarheen hulle vroeër geïmmigreer het. Volgens die Suid-Koreaanse Departement van Buitelandse Sake is tussen 5 000 en 6 500 persone gedurende 1992 terug na Suid-Korea in vergelyking met 800 in 1980. Volgens dié individue is hulle kans op sukses in Suid-Korea veel beter as in byvoorbeeld die VSA of Brittanje. Beter ekonomiese omstandighede beteken egter ook meer buitelandse werkers en onwettige vreemdelinge. Volgens die Departement van Arbeid in Suid-Korea was daar teen die einde van Julie 1995 ongeveer 6 475 vreemdelingarbeiders en 61 000 onwettige vreemdelinge in een of ander tipe betrekking in Suid-Korea. Bykans die helfte van bogenoemde persone was van Sjina afkomstig, waarvan 20 000 oorspronklik Koreaans was.<sup>(103.)</sup> Sedertdien, het die beraamde getal onwettige vreemdelinge drasties vermeerder. Volgens Desember 1997 beramings was daar sowat 370 000 vreemdelingarbeiders, waarvan soveel as 146 000 onwettige vreemdelinge, in Suid-Korea werksaam.<sup>(104.)</sup>

Uitsettings en deportasie statistiek van onwettige vreemdelinge, gee dikwels 'n goeie aanduiding van die omvang van die onwettige vreemdelingprobleem in 'n bepaalde staat. In Thailand is 25 385 onwettige vreemdelinge tussen Januarie 1996 en Oktober 1996 en 93 172 in dieselfde periode gedurende 1997, deur die regering gerepatreer.<sup>(105.)</sup> Gedurende 1997 was 1,2 miljoen wettige vreemdelingarbeiders in Maleisië werksaam, terwyl die getal onwettige vreemdelinge op 800 000 individue geraam is. Sowat 9 000 onwettige vreemdelingarbeiders, is deur die regering gedeporteer.<sup>(106.)</sup> In 'n staat wat pas die voorspoed van 'n groeiende ekonomie begin geniet het en daarmee saam vir sy eie burgers goeie werkgeleenthede kan bied, kan die onwettige vreemdelingskwessie 'n ernstige probleem raak. Die kans op kosbare werkgeleenthede word van Maleisiese burgers weerhou, omdat onwettige vreemdelinge die poste beklee.

## 3.2 Implikasies van die onwettige vreemdelingprobleem

Die implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in die Asiatiese streek, word vervolgens bespreek.

### 3.2.1 *Maatskaplike implikasies*

Omdat bykans al die state binne die Asiatiese streek reeds vir 'n lang periode op groot skaal van vreemdelingarbeid gebruik maak, bestaan daar nie werklik 'n noemenswaardige bedreiging van oorweldigende eksterne kulture of gelowe nie. Maleisië, byvoorbeeld se bevolking bestaan uit 'n komplekse, etniese samestelling (56 persent Maleisiërs, 33 persent Sjinese en tien persent Indiërs en ander). Vir so 'n staat hou onwettige vreemdelinge bykans geen bedreiging vir kultuurskending in nie, tensy die getalle drasties in 'n kort tydperk vermeerder.<sup>(107.)</sup>

Indirekte kostes bestaan natuurlik ook. Siektes en virusse kan maklik deur vreemdelinge (wettig of onwettig) oor grense versprei word. Oor 'n lang termyn kan die verskynsel 'n regering se besteding op mediese dienste dramaties verhoog en uiteindelik veroorsaak dat nasionale produktiwiteit begin afneem. Gedurende September 1996 het die regering van Maleisië twee maatreëls geïmplementeer om die verspreiding van aansteekbare siektes deur vreemdelingarbeiders, te voorkom. Aangesien 'n groot aantal vreemdelingarbeiders in Maleisië van veral Indonesië afkomstig is, is besluit dat gekose klinieke in die vreemdelingarbeiders se tuisstate, verantwoordelik sou wees vir gesondheidstoetse op arbeiders voordat hulle in Maleisië toegelaat sou word. Agentskappe sou ook in Maleisië self opgerig word, om vreemdelingarbeiders se gesondheidstoestand te kontroleer. Dié streng maatreëls is geïmplementeer nadat vreemdelingarbeiders betrokke was by ongeveer 11,5 persent van alle tuberkulose gevalle en 13 persent van alle malaria gevalle wat gedurende 1995 in Maleisië aangeteken is.<sup>(108.)</sup>

Onwettige vreemdelinge dra ook by tot die gesondheidsprobleem in informele nedersettings. Alhoewel 'n groot deel van die individue wat in hierdie nedersettings woon wettige vreemdelingarbeiders is (meer as een miljoen), is die regering van Maleisië oortuig dat sowat 500 000 onwettige vreemdelinge is. In die *New Straits Times* is berig

dat alhoewel die sloping van informele nedersettings soms emosioneel en hartseer is, dit in sommige gevalle gedoen moet word om die staat se wetsgehoorsame burgers te beskerm. Daar word na "squatter settlements" verwys omdat 'n groot getal van die individue wat in hierdie tipe gebiede bly, onwettige vreemdelinge is.<sup>(109.)</sup>

Op 7 Augustus 1998 het die Thaise Minister van Binnelandse Sake bekend gemaak dat werkgewers binne 60 dae, alle onwettige vreemdelinge in hulle diens moes registreer en sorg dat dié individue gesondheidsondersoeke ondergaan. Alle onwettige vreemdelinge wat aan een van die volgende siektes ly, naamlik tuberkulose; melaatsheid; elefantiasis; sifilis; dwelmverslawing; alkoholisme; geestesversteuring of verstandelike vertraging, is gedeporteer. In 'n poging om die las op gesondheidsdienste te verlig, het die regering bekend gemaak dat werkgewers verplig is om 'n kredietkaart (met 'n waarde van 500-bath) aan alle vreemdelingarbeiders uit te reik, wat hulle vir kostes van mediese dienste kan gebruik.<sup>(110.)</sup>

Die negatiewe implikasies van die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge in Asië kan ook gesien word in dié individue se betrokkenheid by misdaad. In Pakistan is sowat 2 000 onwettige vreemdelinge uit Bangladesj, gedurende November 1995 gearresteer omdat die Pakistanse regering dié individue as 'n veiligheidsrisiko beskou het. Die regering van Pakistan beskou die onwettige vreemdelinge as 'n veiligheidsrisiko as gevolg van hulle betrokkenheid by die smokkel van veral wapens en dwelms; en omdat dié individue dikwels van die staat se beperkte maatskaplike dienste gebruik maak.<sup>(111.)</sup> In Hong Kong word onwettige vreemdelinge van Sjina blameer vir 'n drastiese toename in misdaad. Gedurende September 1996 is 'n gemiddeld van 64 Sjinese onwettige vreemdelinge per dag gearresteer en volgens die polisie in Hong Kong is sommige van die onwettige vreemdelinge tot soveel as 100 keer gearresteer.<sup>(112.)</sup> Die koste van toenemende polisiëring om toenemende misdaadsyfers teen te werk moet deur die staat gedra word.

### **3.2.2 Ekonomiese implikasies**

Die effek wat onwettige vreemdelinge op 'n bepaalde staat se ekonomie kan hê hang tot 'n groot mate af van die staat se gewilligheid om onwettige vreemdelinge (en onwettige vreemdelinge se kinders) se skoolopleiding, gesondheid en behuising te subsidieer. In

Maleisië is dit wel die geval. Volgens ramings het Maleisië die grootste vreemdelingarbeidsmark van al die Asiatiese state met sowat 1,2 miljoen wettige vreemdelingarbeiders, en 'n beraamde getal van 800 000 onwettige vreemdelinge.<sup>(113.)</sup> Die Maleisiese Regering spandeer jaarliks groot somme geld aan vreemdelingarbeiders en daarmee saam onwettige vreemdelinge. In sommige dele word plakkerskampe afgebreek waarna lae koste behuising selfs aan onwettige vreemdelinge aangebied word.<sup>(114.)</sup> Die kostes verbonde aan die aanhouding, deportasie en uitsetting van onwettige vreemdelinge, beloop ook groot bedrae. Aan die begin van 1998, is berig dat elk van Maleisië se tien aanhoudingskampe (wat elk 2 000 individue kan huisves), vol is. Teen 1998 moes die regering M\$104 per dag (ongeveer RM10 [\$3] per individu) spandeer om vir voedsel en die behuising van aangehoue onwettige vreemdelinge te betaal.<sup>(115.)</sup>

Die bereidwilligheid van onwettige vreemdelinge om dikwels vir laer lone as wettige burgers te werk, is soms verantwoordelik vir die verlaging van loonvlakke in 'n bepaalde staat. Omdat onwettige vreemdelinge bereid is om teen baie lae lone te werk, verlaag dit die totale minimum inkomste van alle werkers. Laasgenoemde probleem kom in bykans al die Asiatiese state met onwettige vreemdelingprobleme voor.<sup>(116.)</sup> Die gewilligheid van onwettige vreemdelinge om teen lae lone en in swak omstandighede te werk, veroorsaak dat werkgewers eerder onwettige vreemdelinge as wettige burgers, in diens neem. Gedurende Januarie 1996 is die getal vreemdelingarbeiders werksaam in Suid-Korea op 135 686, geraam. Van dié getal, was 51 301 wettige arbeiders en ongeveer 84 385 onwettige vreemdelinge. Volgens beramings van die Suid-Koreaanse Regering, het die getal onwettige arbeiders teen die einde van Mei 1996 toegeneem tot 100 000 wat 60 persent van die arbeidsmag verteenwoordig.<sup>(117.)</sup> Teen die einde van 1997 is beraam dat 140 000 van die 370 000 vreemdelingarbeiders in Suid-Korea onwettig in die land werk. Alhoewel in veral die produksiesektor van Suid-Korea se ekonomie op groot skaal van migrante arbeid gebruik gemaak word, het die getalle onwettige vreemdelinge tot so 'n mate toegeneem dat dit vir burgers van Suid-Korea toenemend moeilik word om werk te bekom.<sup>(118.)</sup>

### **3.2.3 Politieke implikasies**

Die teenwoordigheid van onwettige vreemdelinge binne 'n bepaalde staat kan in sommige gevalle tot konflik lei. In Maleisië byvoorbeeld het die toenemende getalle

onwettige vreemdelinge uit veral die Fillipyne en Indonesië, veroorsaak dat interne konflik, te midde van nasionale verkiesings, ontstaan het. Die twee groepe wat by die konflik betrokke was, was die Parti Bersatu Sabah (PBS) en die regerende party in Maleisië. Eersgenoemde het die regering daarvan beskuldig dat hy die invloed van onwettige vreemdelinge toelaat sodat die individue onwettig op die regering se kieserslyste geplaas kan word, en sodoende die verkiesing op oneerlike wyse kon wen. Goeie ekonomiese sowel as politieke bande met die Fillipyne het egter verseker dat die interne konflik nie uitgebrei het tot interstaatlike konflik nie.<sup>(119.)</sup>

In Thailand, het een van die politieke partye, die Thai Labor Congress, gedurende Augustus 1996 gedreig met 'n landswye werkstaking indien die regering sou voortgaan met die implementering van goedgekeurde maatreëls rakende die wettiging van vreemdelingarbeiders. Volgens dié Party was immigrante in die algemeen, en onwettige vreemdelinge spesifiek, verantwoordelik vir die feit dat duisende Thaise burgers hulle werk verloor het en sodoende aanleiding gegee het tot maatskaplike probleme. Die feit dat werkgewers, ten spyte van werkgewersanksies, nog steeds eerder onwettige vreemdelinge as burgers in diens neem, lei tot toenemende ongelukkigheid en negatieweiteit van wettige burgers teenoor nie net onwettige vreemdelinge nie, maar ook immigrante in die algemeen.<sup>(120.)</sup>

### 3.3 Bestaande en beplande maatreëls om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek

Alhoewel verskeie state in Asië se ekonomieë tot 'n groot mate afhanklik is van migrante arbeid, het die getalle onwettige vreemdelinge in die afgelope paar jaar tot so 'n mate toegeneem, en daarmee saam die effek daarvan op veral die ekonomieë van die state, dat die onderskeie regerings verskeie maatreëls ingestel het om die getalle onwettige vreemdelinge binne hulle grense te probeer verminder of ten minste die invloed van dié individue op verskillende terreine van die samelewing, te beperk. Omdat die state in die genoemde streek se onwettige vreemdelingprobleem oor veral die afgelope paar jaar drasties toegeneem het, het elk sy eie bestaande en beplande maatreëls om die probleem aan te spreek. Dit is egter onmoontlik om elke staat se maatreëls volledig te bespreek.

Soos reeds genoem, is die grootste oorsaak van die probleem van die streek, wat

onwettige vreemdelinge betref, geweldige ekonomiese groei en vooruitgang gedurende die laaste paar jaar. Duisende poste is as gevolg van hierdie ekonomiese groei geskep in veral klein en medium industriële maatskappye en die feit dat onwettige vreemdelinge nie geskoolde of bekwaam hoef te wees om die beskikbare werk te verrig nie, vergemaklik hulle indiensneming. Boonop word opleiding dikwels aan vreemdelingarbeders verskaf sodra hulle 'n bepaalde staat wettig binnegaan op soek na werk. Singapoer is slegs een voorbeeld van 'n staat in die streek wat spesiale opleidingskemas geïmplementeer het om te verseker dat arbeiders die korrekte opleiding ontvang. Vele vreemdelingarbeders kom state dus wettig binne, ontvang opleiding maar bly onwettig aan nadat hulle tydelike verblyf- en/of werkpermitte verstryk het wat hulle dan outomaties in die onwettige vreemdelingkategorie plaas.<sup>(121.)</sup>

#### Verhoedende

Die Parlement van Singapoer het ook gedurende November 1995, wetgewing goedgekeur in 'n poging om die aanstelling van onwettige vreemdelinge in die konstruksie bedryf te verhoed. Die *Employment of Foreign Workers Act* van 1995, bepaal dat enige werkgewer wat onwettige vreemdelinge in diens neem, met tot \$15 000 beboet kan word of tot gevangenisstraf gevonnissen kan word. Dié drastiese stappe is geneem nadat ontdek is dat 'n gemiddeld van 31 werkgewers gedurende 1994, 37 onwettige vreemdelinge maandeliks in diens geneem het.<sup>(122.)</sup> Nuwe arbeidswette is ook geformuleer en geïmplementeer om te verhoed dat werkgewers eerder van vreemdelingarbed gebruik maak omrede hulle goedkoper arbeid as die plaaslike bevolking verskaf. Volgens die wetgewing moet kontrakteurs 'n fooi van \$200 (Singapoer dollars) tot \$440 betaal sodra hulle 'n werknemer uit 'n ander staat huur. Soos in meeste ander state is werkgewers egter onder groot versoeking om onwettige vreemdelinge in diens te neem omdat hierdie fooi dan nie betaal hoef te word nie. Werkgewers in Singapoer is gedurende September 1996 swaar beboet vir die indiensneming van onwettige vreemdelinge. Die Ssangyong-Guan Ho Joint Venture maatskappy is met R5 miljoen beboet vir die indiensneming van sowat 140 Indonesiese en Maleisiese onwettige vreemdelinge sonder werkpermitte.<sup>(123.)</sup>

#### Algemeen

Omdat bykans al die state in Asië "invoerders" van arbeid is, kan daar nie 'n algehele verbod op die toelating van vreemdelinge ingestel word nie. Die meeste state se nuwe beleid rakende vreemdelinge word in die volgende drie punte omvou (met genoeg ruimte vir arbeidsinvoere): geen ongeskoolde werkers word toegelaat nie; alle vreemdelinge word slegs op 'n tydelike grondslag in die staat toegelaat; en vreemdelinge word in die

staat toegelaat slegs as soveel moontlik wettige burgers wat op soek is na werk, beskikbare poste gevul het. Dié drie kriteria word in die vorm van beleid rakende visums, werkgewersanksies en beleid rakende vlugtelinge, geïmplementeer.<sup>(124.)</sup>

In Pakistan is sowat 2 000 onwettige vreemdelinge gedurende November 1995 gearresteer en aangehou nadat die regering nuwe regulasies ingestel het, om die getal onwettige vreemdelinge in veral Karachi (waar hulle as 'n veiligheidsrisiko gesien word), te verminder. Omdat die visbedryf die grootste werkverskaffer aan onwettige vreemdelinge is, het die regering ook besluit om migrante die hawe-area te belet. Die gevolg was egter dat aktiwiteite in die hawe bykans tot stilstand gedwing is omdat onwettige vreemdelinge (gedurende 1995), sowat 60 persent van die arbeidsmag in die hawegebiede gevorm het.<sup>(125.)</sup>

Sjina het op 1 Mei 1996 drastiese stappe ten opsigte van die onwettige vreemdelingprobleem begin implementeer. Ooreenkomstig nuwe regulasies moes vreemdelingarbeiders werkpermitte by hulle plaaslike arbeidsdepartemente sowel as verblyfpermitte by hulle openbare sekuriteitsdepartemente afhaal, sodra hulle in diens geneem word. Vreemdelingarbeiders wat nie bogenoemde vereistes nakom nie, kan swaar beboet of selfs uit die staat gesit word.<sup>(126.)</sup>

Gedurende Februarie 1996 het Maleisië bekend gemaak dat alle onwettige vreemdelinge wat hulself by die owerhede aanmeld, kan terugkeer na hulle eie state, op voorwaarde dat hulle die volgende vereistes nakom: die onwettige vreemdelinge moes 'n boete van \$400 of RM 3000 betaal; hul eie vervoer terug na hulle eie state betaal; en daar sou vingerafdrukke van hulle geneem word. Die voorstel was egter nie baie suksesvol nie omdat vele onwettige vreemdelinge bang was dat dit vir hulle onmoontlik sou wees om weer na Maleisië terug te keer omdat hulle vingerafdrukke op rekord sou wees.<sup>(127.)</sup> Aan die begin van 1997 het die regering van Maleisië boetes wat aan individue gegee word wat vesting aan onwettige vreemdelinge verskaf; werkgewers waarvoor vyf of meer onwettige vreemdelinge werk; of individue wat eiendom aan onwettige vreemdelinge verhuur, verhoog. In die geval wat 'n individu aan enige van bogenoemde skuldig bevind is, is hy/sy verantwoordelik gehou vir kostes aangegaan vir die arrestasie, aanhouding, uitsetting of deportasie van die onwettige vreemdeling. Boetes van tot M\$50 000 (\$20 000), en twee tot vyf jaar tronkstraf kan ook opgelê word. Met dié maatreël het die



regering gepoog om werkgewers te dwing om eerder wettige burgers in diens te neem en om die ekonomie se afhanklikheid van migrante arbeid te probeer verminder.<sup>(128.)</sup> In 'n verdere poging om die onwettige vreemdelingprobleem aan te spreek, het die polisie van Maleisië gedurende Junie 1997 'n reeks inspeksies uitgevoer. Die dokumentasie van sowat 8 547 vreemdelingarbeiders wat in die omgewing van die Kuala Lumpur Lughawe werk, is nagegaan en 1 000 onwettige vreemdelinge van Ghana, Indië, Egipte en Jemen, is gearresteer.<sup>(129.)</sup>

Thailand het ook streng maatreëls ingestel in 'n poging om die getalle onwettige vreemdelinge (binne sy grense) te verminder. Gedurende Augustus 1996 is regulasies uitgevaardig vir die implementering van programme om onwettige vreemdelinge te wettig. Dié programme het ongeveer 700 000 onwettige vreemdelinge van Myrmar, Laos en Kambodja ingesluit, wat hoofsaaklik in die produksie en vervoersektore werksaam was. Die nuwe regulasie het onder meer vereis dat werkgewers Thaïse arbeidswette gehoorsaam wanneer vreemdelingarbeiders (wat onlangs gewettig is) in diens geneem word en die wette stipuleer dat vreemdelingarbeiders dieselfde lone as Thaïse burgers ontvang.<sup>(130.)</sup> In 'n verdere poging om die getalle onwettige vreemdelinge te probeer verminder, het die Thaïse Regering en die regering van Kambodja samesprekings gevoer ten einde 'n bilaterale arbeidsooreenkoms en vreemdelingarbeidsprogram tussen die twee state saam te stel (aan die einde van 1997, was sowat 30 000 burgers van Kambodja in Thailand werksaam). Soortgelyke samesprekings met Birma, waarvan 800 000 burgers in Thailand werksaam is, word beplan.<sup>(131.)</sup>

Dit is duidelik dat van die regerings nog nie werklik bekommerd is oor die probleem van onwettige vreemdelinge nie. Dit blyk dat die regerings altyd opsies wil oophou wat vreemdelingarbeidsbeleid betref, terwyl hulle die behoefte van die klein en medium grootte maatskappye telkens bevredig deur deure oop te hou vir immigrante. Omdat die groeiende ekonomieë nog te veel fluktueer, is regerings daarvan oortuig dat as hulle nou te streng maatreëls teen onder andere werkgewers wat onwettige vreemdelinge in diens neem implementeer, dit nie gou genoeg verander sal kan word as die ekonomie weer dringend vreemdelingarbeid benodig nie.